

ARMOEDE IN SUID-AFRIKA

Sampie Terreblanche

1. DEFINISIES VAN ARMOEDE EN DIE OMVANG DAARVAN

Dit is moeilik om 'n goeie definisie van armoede te gee. Dit word algemeen aanvaar dat mense in absolute armoede leef as hulle nie op 'n deurlopende grondslag in hulle basiese menslike behoeftes aan voedsel, kleding en skuiling kan voldoen nie en as hulle ook nie oor 'n minimum van medisyne beskik nie. Wat hierdie minimum hoeveelhede is, hang nie net van fisiologiese faktore af nie, maar ook van sosiale gewoontes en kulturele faktore. Die Buro van Marknavorsing aan UNISA bereken maandeliks die bedrag wat 'n huishouding nodig het om 'n Minimum Lewenstandaard (MLS) en die Aangepaste Lewenstandaard (ALS) te kan handhaaf. Die Buro bereken dat 'n gemiddeld swart gesin (van 4,5 lede) in Maart 2004 'n maandelikse inkome van R1872 moet ontvang om aan die MLS te voldoen en 'n maandelikse inkome van R2450 om aan die ALS te voldoen. Dit beteken dat 'n swart persoon 'n inkomste van R416 per huishoudlid per maand moet ontvang om aan die MLS te voldoen en R544 per huishoudlid per maand om aan die ALS te voldoen.¹

In die *World Development Report*, 2000, word lande se per capita inkome aangepas om die koopkragpariteit met die Amerikaanse dollar te bepaal. Die Wêreldbank aanvaar dat persone wat oor minder as \$1 per dag beskik, sorgwekkend arm is en dat persone wat op tussen \$1 en \$2 per dag leef, ook as arm geklassifiseer moet word.² Die Wêreldbank bereken dat sowat 10,5% van Suid-Afrika se bevolking (of 4,7 miljoen in 2002) oor minder as \$1 'n dag beskik en dat 'n verdere 13,3% (6 miljoen) op tussen \$1 en \$2 per dag leef. (Sien Tabel 1).

Nog 'n metode waarvogelens armoede gemeet word om die voorkoms daarvan tussen lande te vergelyk is die "Menslike Ontwikkelingsindeks" (MOI) wat deur die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram opgestel word. In hierdie indeks word 'n aantal sosio-demografiese indikatore - soos lewensverwagting, die persentasie kinders wat voltydse opvoeding ontvang, volwasse geletterdheid, toegang tot skoon water ens. - bymekaar

¹ Hierdie lewenspeile word as die *Minimum Living Levels* (MLL) en die *Supplemented Living Levels* (SLL) deur die Buro beskryf. (Die inligting is op navraag deur die Buro van Marknavorsing aan UNISA aan my verskaf).

² Die Wêreldbank bereken dat 1,2 miljard mense wêreldwyd oor minder as \$1 'n dag beskik en dat 'n verdere 1,6 miljard op tussen \$1 en \$2 'n dag leef. Dit beteken dat byna die helfte van die wêreld se bevolking van 6 miljard in armoede leef.

*1) Artikel vir die Tydskrif vir Geesteswetenskappe
na Akademie vir Wetenskap + Kult, 2004,*

getel. Volgens hierdie indeks is blankes in Suid-Afrika in 1999 in die 19de plek (uit 173) geklassifiseer wat naby dieselfde vlak as Duitsland, Italië en Denemarke is. Swart Suid-Afrikaners is egter baie laer geklassifiseer. Hulle MOI was laer as die van Egipte en Swaziland. Suid-Afrika as geheel is in die 110de posisie (uit 173 lande) geplaas. In 2002 is Suid-Afrika in die 107de posisie (uit 173 lande) geplaas. (UNDP, 1999, 2002).

Dit is insiggewend om Suid-Afrika se posisie op die MOI rangorde te vergelyk met die plekke wat Suid-Afrika inneem op die wêreld se rangordes van Bruto Nasinale Produk (BNP) en BNP per capita. In 1997 wat Suid-Afrika se BNP (gelyk aan \$130 miljard) in die 30ste posisie (uit 133 lande) en sy BNP per capita (gelyk aan (\$3,400) in die 45ste posisie in die rangorde (World Bank Development Reports, 1998/99). Die groot verskil wat tussen Suid-Afrika se BNP rangordes (van 30ste en 45ste) en sy MOI-rangorde (107de) bestaan, moet toegeskryf word aan die hoë persentasie van die bevolking wat in armoede leef en aan die skerp ongelykhede in die verdeling van inkomme.

In die *South Africa Human Development Report* (RAHDR, 2003) word verskeie indekse gebruik om die posisie van die armes in 2002 met hulle posisie in 1995 te vergelyk.³

TABEL 1
ABSOLUTE ARMOEDE IN SUID-AFRIKA (1995 EN 2002)

	Bevolking onder die armoedelyn		Bevolking onder \$2 'n dag		Bevolking onder \$1 'n dag	
	2002	1995	2002	1995	2002	1995
	<R533pm	<R345pm	<\$2	<\$2	<\$1	<\$1
Suid-Afrika (%)	48,5	51,1	23,8	24,2	10,5	9,4
Suid-Afrika (hoeveelheid miljoene)	21,9	20,2	10,7	9,6	4,7	3,7

SADHR, 2003, Tabel 2.20

Volgens die UNDP-verslag (2003) het die persentasie van die totale bevolking wat in inkomme-armoede leef, van 51,1% in 1995 na 48,8% in 2002 gedaal. Maar aangesien die bevolking gestyg het, het die totale getal wat in armoede leef van 20,2 miljoen in 1995 na

³ Terwyl 'n armoedelyn van R354 per maand per volwasse equivalent in 1995 aanvaar is, stel die UNDP verslag die armoedelyn in 2002 op R533 per maand wat naastenby korreleer met die R416 per maand per huishoudlid van die MLS en R544 per maand per huishoudlid volgens die ALS wat die Buro van Marknavoring vir Maart 2004 bereken het.

21,9 miljoen in 2002 gestyg (sien Tabel 1).⁴ Die UNDP het ook die armoede-gaping in 2002 met dié van 1995 vergelyk. Die armoede-gaping meet die diepte van die armoede van diegene wat in armoede leef. Die armoede gaping het sedert 1995 marginaal gestyg wat daarop dui dat die armes armer geword het (SAHDR, 2003: Tabel 2.21). Die UNDP-verslag het ook Suid-Afrika se menslike ontwikkelingsindeks (MOI) vir 1990, 1995 en 2002 met mekaar vergelyk en bevind dat die indeks van 1990 tot 1995 verbeter het, maar daarna heelwat verswak het.⁵ Die UNDP het ook die menslike armoede indeks (MAI) bereken wat armoede op 'n veeldimensionele wyse meet om die vordering in armoedeverligting te bepaal asook die agterstand wat steeds in ontneming bestaan. Suid-Afrika se MAI het sedert 1995 aansienlik gestyg, wat eweneens daarop dui dat die armes sedert 1995 armer geword het en dat hulle sosiaal-ekonomiese posisie slechter geword het.⁶ Statistiek Suid-Afrika (SSA, 2002) het ook uitgevind dat die onderste 50% van die bevolking "were even poorer in 2002 than in 1995" (p.28). Ten slotte het die UNDP-verslag die ongelyke verdeling van inkomme in 1995 en 2001 met mekaar vergelyk met behulp van die GINI-koefisient. Dit het van 0,596 in 1995 na 0,635 in 2001 gestyg wat daarop dui dat inkomme ongelykhede vererger het. Die groter GINI-koefisient dui ook daarop dat Suid-Afrika hom steeds tussen die lande bevind wat die mees ongelyke verdelings van inkomme het. In Suid-Afrika ontvang die rykste 6% van die bevolking meer as 40% van die inkomme! (SAHDP, 2003: Fig. 2.11 en p 94).

2. ARMOEDE IN SUID-AFRIKA IN HISTORIESE PERSPEKTIEF: TOT MET DIE ONTDEKKING VAN DELMETALE IN 1867 EN 1886

'n Populêre opinie bestaan dat al die inheemse bevolkingsgroepe - soos die San, die Khoikhoi en die verskillende Afrikaanstamme - wat in Suid-Afrika woonagtig was vóór die koms van die Europeërs - in groot armoede geleef het en meestal ondervoed was. Antropoloë is egter van mening dat hierdie inheemse groepe 'n beskeie en primitiewe bestaan gevoer het, maar dat dit nie korrek is om hulle as arm te beskryf nie.

⁴ Van die sowat 22 miljoen armes in 2002 was 20 miljoen Afrikane, 1,5 miljoen was Kleurlinge, 300 000 was blankes en 200 000 was Asiatis. 51% Van die vrouens was arm terwyl 46% van die mans arm was. (SAHDR, 2003, 42-43).

⁵ Volgens die MOI-indeks stel 0 die laagste vlak van ontwikkeling voor en 1 die hoogste vlak. Hierdie indeks het van 0,715 in 1990 na 0,730 in 1995 gestyg en na 0,680 in 2002 gedaal. (SAHDR, 2003, Tabel 2.11).

⁶ Suid-Afrika se MAI het van 16 in 1995 na 22 in 2002 gestyg wat op groter armoede dui. (SAHDR, 2003, Fig. 2.12).

2.1 Die San

Volgens die Amerikaanse antropoloog, Marshall Sahlins, het die San in materiële oorvloed te midde van skaarsheid geleef.⁷ Antropoloë is dit ook eens dat die lewenspatroon van die San minder arbeid per capita vereis het as die hoeveelheid wat die moderne "beskaafde" bestaan vereis. Die San het in 15 uur per week - danksy hulle vindingrykheid - genoeg goedere ingeskamel om daagliks sowat 2,140 kalorië in te neem wat hoër is as die daaglikse vereiste. Die res van die week was beskikbaar vir vrye tyd, vir sosiale verkeer, vir rituele danse en vir artistieke bedrywighede (Sien Thompson, 1995:9 en Lewis-Williams, in Cameron, 1986: 31-32).

Die nomadiese San het van een plek na 'n ander getrek soos die hulpbronne uitgeput geraak het. Gevolglik het hulle net soveel goedere versamel as wat hulle maklik kon verskuif. Gegewe die skaarsheid aan bronne tot hulle beskikking, het hulle 'n filosofie van beperkte behoeftes beoefen. Hulle het gevolglik 'n oorvloedige bestaan gehad, want al was die bronne skaars het dit nogtans hulle behoeftes oorskry. Hulle lewenspatrone van veelheid te midde van skaarsheid, staan in skrille teenstelling met die Amerikaanse konsumeristiese lewenspatroon van (kunsmatig gefabriseerde) skaarsheid te midde van 'n oorvloed van goedere. Shalins beweer dat die San beslis nie arm was nie, want armoede is volgens hom eerder 'n aangeleentheid van sosiale status wat 'n uitvinding van die beskawing is.⁸ Daar was egter ook 'n donker kant aan die jagter-versamelaarlewenswyse van die San verbonde. Bejaarde en siek persone wat nie kon saam trek na 'n nuwe gebied nie, is agtergelaat om dood te gaan.⁹

Die San het die aanslag van kolonialisme meer suksesvol en langer weerstaan as die Khoikhoi omdat hulle meer beweeglik en minder plekgebonden was. Meedoënlose botsings het egter in die laaste kwart van die 18de eeu tussen die Trekboere en die San in die noord-wes Kaapland plaasgevind waardeur die lewenspatroon van die San totaal

⁷ Hy stel dit soos volg: "They lived in a kind of material plenty because they adapted the tools of their living to materials which lay in abundance around them and which were free for anyone to take (wood, reeds, bone for weapons and implements, fiber for cordage, grass for shelters), or to materials which were at least sufficient for the needs of the population" (Sahlins, 1972: 23).

⁸ Hy stel dit soos volg: "Poverty is not a certain small amount of goods, nor is it just a relation between means and ends; above all a relation between people. Poverty is a social status. As such it is an invention of civilization". (Sahlins, 1972:14 en 37).

⁹ Die antropoloog Robert Inskeep kom nogtans tot die gevolgtrekking dat die jagter-versamelaar kultuur van die San al die kenmerke gehad het van 'n "sophisticated and successfull population employing with confidence a wide range of skills to support themselves..... With a million and a half years of experience behind him man had reached the highest points of success in the evolution of the hunting-gathering way of life in Southern Africa" (Inskeep, 1978: 114-115).

ontwrig is. Met verloop van tyd het die aansprake van kolonialisme die San in bejammerenswaardige armoede gedompel (sien Newton-King, in Cameron, 1986: 106-111).

2.2 Die Khoikhoi

In teenstelling met die San, het die Khoikhoi 'n pastorale ekonomie beoefen waarin bees- en skaapboerdery 'n sentrale rol gespeel het. Antropoloë is onseker oor hoe en wanneer die pastorale revolusie plaasgevind het. Dit is waarskynlik dat die groter liggaamsbou van die Khoikhoi – in vergelyking met dié van die San – te danke was aan die proteinryker dieet van die pastorale lewenswyse. Die veeboerdery het aan die Khoikhoi 'n ekonomiese surplus gebied want die vee het vinniger aangeteel as wat dit verbruik is. Die veeherders-ekonomie het die Khoikhoi gedwing om wydversprei te woon en gevolglik kon 'n gesentraliseerde eenheid – met 'n enkele opperhoof – nie ontwikkel nie. Die Khoikhoi was gevolglik verdeel in 'n groot getal sibbis of klans wat elk 'n selfstandige ekonomiese eenheid gevorm het. (Bredenkamp, in Cameron, 1986: 102-105).

Alhoewel die pastorale ekonomie aan die Khoikhoi 'n hoë mate van voedselsekuritiet gebied het, het rampe soos droogtes, siektes en diefstal sommige klans by geleentheid verarm. Die betrokke klans het dan gedisintegreer en die verarmde huishoudings het hulle dan as onderdaniges by ander klans aangesluit.

Vanweë die afwesigheid van 'n gesentraliseerde politieke eenhied, was die Khoikhoi nie by magte om effektief weerstand te bied teen die aanslag van die VOC se Kommando nie. Vanweë verskeie Kommando strooptogte in die laaste kwart van die 17de eeu, is die weerstand van die Khoikhoi in die omgewing van die Kaap geknak en het hulle verarmde en ontwrigde onderdaniges van die VOC geword. Die pokke epidemie van 1713 het 'n finale nekslag aan die onafhanklikheid van die Khoikhoi toegedien. Hierna het die meeste Khoikhoi in die nabijheid van die Kaap geen ander keuse gehad as om beskerming by die Trekboere te soek nie. Sommige het 'n venootskap met die Trekboere gesluit en veewagters geword.

Die venootskap boedery wat gedurende die grootste gedeelte van die 18de eeu tussen die Trekboere en die sg. "mak" Khoikhoi bestaan het, was 'n merkwaardige verskynsel wat geen gelyke in die Europese koloniale geskiedenis gehad het nie. Die Trekboere het

aanvanklik geen kennis van ekstensiewe veeboerdery ‘n semi-woestynagtige gebied gehad nie. Hulle het die nodige kennis van die Khoikhoi verkry wat hulle boerdery metodes oor baie eue geakkumuleer het. Die “mak” Khoikhoi wat in vennootskap met die Trekboere geboer het, het nie alleen bestaansveiligheid aan die Trekboere verleen nie, maar ook die meerderheid van die manskappe aan die Kommando – wat mettertyd onder beheer van die Trekboere gekom het – verskaf. Die Trekboere en die “mak” Khoikhoi was gesamentlik verantwoordelik vir grondontneming en vir die uitbreiding van die kolonie in ‘n oostelike en noordelike rigting (Elphick & Malherbe, in Elphick & Giliomee, 1989: hoofstuk 1).

Gedurende die “Hottentot Rebellie” van 1799-1803 is die verhouding tussen die Trekboere en die Khoikhoi egter versuur. In 1809 is die totale Khoikhoi bevolking wat in die kolonie woonagtig was, aan ‘n vorm van “lyfeienskap” – of gedwonge arbeid – onderwerp deur die “Hottentot Proklamasie” wat goewerneur Caledon uitgereik het. Toe hierdie proklamasie in 1828 deur Proklamasie 50 opgehef is en gelyke juridiese status met die blankes aan hulle verleent is, was hulle reeds ‘n verarmde en ‘n moreel geknakte gemeenskap. Dit was – tot ‘n selfs groter mate – ook die geval met die byna 40 000 slawe toe hulle in 1838 vrygestel is. Die Khoisan en die vrygestelde slawe – wat mettertyd gesamentlik as die Kleurlingbevolkingsgroep bekendstaan – was met hulle vrywording reeds so ekonomies onselfstandig, so verarm en so moreel geknak, dat hulle nog die geneentheid, nog die vermoëns gehad het om die formele regte en vryhede wat met vrywording aan hulle toegestaan is, tot hulle eie voordeel te gebruik. Vir die daarop volgende 150 jaar het die meerderheid van die Kleurlinge ‘n afhanklike en onderdanige laerstand gebly, terwyl meer as die helfte – en veral diegene in landelike distrikte – vasgevang geraak het in ‘n toestand van chroniese gemeenskapsarmoede wat spontaan van een geslag na die volgende voortgeplant is (sien afdelings 3.2 en 3.3 hieronder)(Le Cordeur, in Cameron, 1986: 75-99).

2.3 Die Afrikaanstamme

Die verskillende Afrikaanstamme wat teen die middel van die 17de eeu in die noordelike en oostelike gedeeltes van die huidige Suid-Afrika woonagtig was, het ‘n gemengde

ekonomie van akkerbou, veeboerdery en metaalbewerking beoefen.¹⁰ Die uitgebreide families van die verskillende Afrikaanstamme is saamgebond in groter familieverwantskappe deur 'n sterk bewussyn van solidariteit en 'n netwerk van verpligtinge en voorregte. Hierdie groter familieverwantskappe is op hulle beurt weer saamgebond in 'n stam met 'n sentrale leier of 'n leierskap van senior mans. Binne stamverband het 'n streng hiërargiese organisatoriese struktuur bestaan wat o.m. die ekonomiese funksies van al die lede van die stam voorgeskryf het. Die vrouens was hoofsaaklik vir die akkerbou verantwoordelik en die mans vir die veeboerdery en metaalbewerking. Die opbrengste van die ekonomiese bedrywighede is nie gelyk tussen die families en die individue verdeel nie. In die hiërargiese gemeenskappe het groot verskille in rykdom voorgekom maar die familieverwantskappe was so georganiseer dat niemand broodgebrek gely het nie behalwe gedurende oorloë, groot natuurrampe of ernstige droogtes. Aan 'n familie wat byvoorbeeld al sy beeste verloor het, is beeste geleent waarmee dit dan op 'n deelbasis kon boer. Ingewikkeld familieverpligtings het ook bepaal dat kinders wat een of albei hulle ouers verloor na wens versorg sou word. Leonard Thompson beweer dat die Afrikane 'n baie goed gebalanseerde dieet gevolg het en sterk en gesonde mense was.¹¹

Aanduidings bestaan dat die verskillende Afrikaanstamme vir eeue lank in relatiewe vrede gewoon het. Hierdie vrede is in die 1820s in die noorde verbreek deur die *Mfecane* (of *Difaqane*) (verplettering in 'n totale oorlog) van Shaka, die Zulu-koning. Die vrede is in die 1830s ook in die Oos-Kaap verbreek toe die eerste van 'n reeks bloedige grensoorloë tussen die Xhosas en die Britse setlaars plaasgevind het.

Groot onsekerheid bestaan oor die redes waarom Shaka se impi's vir die ongekende terreur en menseslagting in die *Mfecane* verantwoordelik was. Een teorie is dat die sluiting van die hawe van Algoabaai deur die Portugese in 1799 die magsbalans verstuur het tussen die stamme wat in die huidige Mozambique, Zimbabwe en Suid-Afrika woonagtig was en op 'n gekontrakteerde basis ivoor aan Amerikaanse, Britse, Franse en

¹⁰ Die Nguni het oos van die Drakensberg reeks gewoon met die Zulus in die noorde en die Xhosas in die suide as die twee vernamste subgroepe van die Nguni. Wes van die bergreeks het die Sotho in die suide, die Pedi in die ooste en die Tswanas in die weste gewoon.

¹¹ Hy verduidelik dit soos volg: "The Bantu-speaking mixed farmers were generally a healthy people ... [They] owed their robust health to their rich and varied diet ... They drank milk (always used sour) in most seasons. They ate sorghum green during the growing season and cooked after harvest. They regularly used vegetables. They often ate meat from the hunt, and they consumed domestic cattle. Their diet included an ample caloric content ... adequate amounts of carbohydrates and calcium ... There is no doubt that many of the Bantu-speaking mixed farmers of Southern Africa attained a high level of material security and prosperity" (Thompson, 1995: 20-21).

Portugese ivoorhandelaars verskaf het. Portugal wou hierdie ivoorhandel monopoliseer en Delagoabaai ook vir die inskeep van walvisse gebruik. Shaka het in die warboel wat op die sluiting van die hawe gevolg het, daarin geslaag om ‘n magtige Zuluryk en -weermag op te bou waarmee hy verwoesting gesaai het wat tot aan die Kaapse oosgrens, oor die Drakensberge en die Hoëveld, tot aan die rand van die Kalahari en diep in Sentraal- en Oos-Afrika uitgekrag het. Die Pondo’s en die Mfengu – wat in Suid-Natal woonagtig was – is suidwaarts gedryf en hulle het op hulle beurt weer die Xhosas suid- en wes-waarts gedryf. Dit was ‘n bydraende oorsaak van die sesde Grensoorlog van 1934-35. Die *Mfecane* het uiteraard ongekende armoede in die geledere van die Afrikaanstamme – wat wes van die Drakensberge woonagtig was – veroorsaak. Die ontvolking wat direk en indirek deur Shaka se impi’s veroorsaak is, het ‘n soort vakuum op die Hoëveld geskep wat dit vir die Voortrekkers makliker gemaak het om die Oranje Vrystaat en die Transvaal te beset.

Kleiner grensloorloë het vanaf 1780 tot 1820 tussen die Trekboere en die Xhosas aan die oosgrens van die kolonie plaasgevind. Maar benewens die periodieke botsings was daar ook noue samewerking tussen die Trekboere en die Xhosas. Dié patroon aan die oosgrens het radikaal verander toe Lord Charles Somerset die Britse setlaars in 1820 in die omgewing van Port Elizabeth gevestig het om as ‘n buffer tussen die Trekboere en die Xhosas te dien. Ná ‘n moeilike aanpassing in hulle nuwe land het die setlaars ontdek dat skaapboerdery baie winsgewend in Oos-Kaapland beoefen kon word. Om meer grond vir skaapboerdery te bekom, het die setlaars hulle kapitalistiese boerdery oos- en noordwaarts begin uitbrei in grondgebied wat tradisioneel deur die Xhosas benut is. Die gevolg was drie bloedige grensoorloë wat tussen 1834 en 1853 met behulp van die Britse weermag geveg is en waarin duisende Xhosas gedood is en groot dele van hulle grondgebied aan hulle ontneem is. Reeds van 1828 is toestemming aan die setlaars verleen om pasdraende Xhosas as kontrakarbeiders in diens te neem. ‘n Belangrike gevolg van die grensoorloë –én die Veeslagting-episode van 1857 – was dat die tradisionele gemengde boerdery van die Xhosa ernstig ontwrig is. Die duisende Xhosa wat totaal verarm het, het geen ander keuse gehad as om in groeiende getalle kontrakarbeid op blanke plase teen relatief lae lone te aanvaar nie.

In 1841 het die Britse koloniale owerheid die eerste van ‘n reeks Meester- en Dienbodewette geproklameer. Hiervolgens moes die Xhosas wat in die kolonie wou werk, vyf jaar kontrakte sluit wat aan die (blanke) werkgewers die reg verleen het om

hulle (Kleurling of Xhosa) werknemers voor die hof te daag as hulle lui of parmantig was. Die blanke magistraat het normaalweg die woord van die blanke werkewer aanvaar en tronkstraf aan die werknemer opgelê. Op dié manier is 'n stelsel geskep wat van 1841 tot 1974 in Suid-Afrika in swang was. Dit was op twee pilare gebaseer. Eerstens is die Afrikane deur die blankes in oorloë of deur wetgewing van hulle grond en/of tradisionele ekonomiese onafhanklikheid ontnem en het hulle 'n verarmde proletariaat geword wat geen ander keuse gehad het as om kontrakarbeid by blanke werkewers te soek nie. Tweedens, was dié wat by blanke werkewers in diens getree het, gebonde aan die streng verpligte wat die Meester- en Diensbodewette aan hulle opgelê het. Hierdie swartarbeid-onderdrukkendestelsel het in aangepaste vorms na ander dele van Suid-Afrika (én Afrika) versprei en sy finaal – en mees onderdrukkende vorm – aangeneem toe die *Naturellen Grond Wet* (wet no 27 van 1913) aanvaar is. Die swartarbeid-onderdrukkende-stelsel was 'n magtige instrument wat blanke werkewers vir meer as 'n eeu lank voorsien het in hulle bykans onversadigde vraag na goedkoop, gedweë en ongeskoolde Afrikaanarbeid. Terselfdertyd het hierdie stelsel egter die verskillende Afrikaanstamme oor 'n tydperk van 133 jaar in groot armoede en ellende gedompel (sien afdeling 3 hieronder) (Sien Terreblanche of HISA, 2002: 191-201).

2.4 Die Afrikaners

In 1657 het Jan van Riebeeck toestemming van die Here XVII verkry om van sy eie amptenare vry te stel om as vryburgers langs die Liesbeeck te begin boer. Maar dit is Simon van der Stel wat as die vader van akkerbouboerdery (en veral wingerdbou) beskou moet word, terwyl sy seun, Wilhelm Adriaan van der Stel, as die vader van veeboerdery beskou kan word. Hy het in 1703 toestemming aan Trekboere verleen om hulle as veeboere in die binneland van Suid-Afrika te vestig. Die boere in die winterreënvalstreek het mettertyd tot 'n welvarende burgerstand ontwikkel. Hulle arbeidsprobleme is opgelos deur die invoer van slawe uit Indië en Indonesië en deur die invoer van *knechte* uit Europa.

In 1703 het Wilhelm Adriaan van der Stel gratis weipermitte en leenplase (teen 'n klein fooi) aan veeboere begin toeken. Dit het momentum aan die trekboerbeweging gegee. Die invoer van *knechte* is in 1717 stopgesit, maar byna almal wat reeds aan die Kaap was, het mettertyd die keuse uitgeoefen om as Trekboere deel van die meesterklas in Suid-Afrika te word. Dit het tot gevolg gehad dat daar vir 'n tydperk van byna 200 jaar –

vanaf ±1700 tot ±1900 – nie ‘n blanke werkerstand in Suid-Afrika was nie indien die klein getal onderwysers en amptenare buite rekening gelaat word. Die Trekboer Afrikaners wat tot aan die einde van die 19de eeu – danksy die Groot Trek – oor die hele Suid-Afrika versprei het, het met verloop van tyd ‘n hoogsgestratifiseerde gemeenskap geword met ‘n klein ryk elite (wat as “Notables” bekend gestaan het) aan die bopunt van die hiërargie en groot aantal onderhoudsboere (en selfs bywonders) wat betreklik arm was (en aan die begin van die 20ste eeu as armlankes bekend gestaan het) aan die onderkant (HISA, 2002: 5-8).

Verskeie faktore het ‘n bydrae tot die hiërargiese stratifikasie in Afrikanergelede gelewer. In die begin van die 18de eeu het die Kommando onder beheer van die Trekboere gekom. In hulle hande was dit ‘n magtige instrument om die “wilde” Khoisan – en later ook die Afrikaanstamme – van hulle grond, van hulle kinders en van hulle vee te ontneem. Omdat die Trekboere nie oor die finansiële vermoë beskik het om slawe te koop nie, het hulle die Kommando gebruik om Khoisan kinders – en ná die Groot Trek ook Afrikaankinders – te roof en as “inboekelinge” in hulle huishoudings as arbeiders groot te maak. Die Kommando het ook ‘n kragtige wapen van sosiale stratifikasie geblyk te wees. Daardie Afrikaners wat in ‘n leiersposisie in die Kommando was – soos *veggeneraals*, *veldcornetten*, *heemraden* en *landdrosten* – het ná ‘n kommando veldtog die grootste deel van die “buit” – hetsy grondgebied, vee of kinders – tussen hulle verdeel, terwyl die armer Trekboere (en die “mak” Khoikhoi) gewoonlik ‘n baie klein deel van die “buit” gekry het. Nog faktore wat tot die verarming van ‘n groot deel van die Afrikaners geleei het, was die oordrewe onderverdeling van plase (volgens die erfreg van die Romeins-Hollandse stelsel), die bars en semi-woestynagtige karakter van ‘n groot deel van Suid-Afrika en die gebrek aan kontrakarbeiders. Vanweë die afwesigheid van markte het die landbousektor tot in die 20ste eeu ‘n hoofsaaklik feodale karakter gehad. Vanaf die 19de eeu het (hoofsaaklik Engelssprekende) merkantiele tussengangers en koopvaartdye ‘n hoogs twyfelagtige rol gespeel in kredietverskaffing en in die opkoop van die bemarkbare produkte van die Afrikanerboere. Vanweë dié aktiwiteite het baie Afrikanerboere skuldslawe geword wat mettertyd hulle plase aan die geldskieters en die koopvaartdye moes afstaan (HISA, 2002: 264-272).

In veral die tweede helfde van die 19de eeu en aan die begin van die 20ste eeu het die welvarende boere (die sg. *Notables*) ook ‘n oorsaaklike rol in die verdere verarming van ‘n groot deel van die Afrikaners gespeel. Wanneer die armer boere in die twee Boere

republieke nie hulle skuld kon vereffen nie, of nie die klein grondbelasting kon betaal nie, het die *veldcornetten* en *heemrade* die groot boere van die bankrotvandusies in kennis gestel wat dan die armlastige boere se plase vir 'n appel en 'n ei opgekoop het. Op dié manier het baie Afrikaners bywoners op hul eie plase geword. Hulle het mettertyd na die stede verhuis sonder die nodige opleiding en/of vaardighede wat die stedelike werksgeleenthede vereis het. Die gebreklike onderwysgeleenthede wat daar van die 17de tot aan die einde van die 19de eeu vir Afrikaners beskikbaar was, was ook 'n belangrike rede vir die armoede en die onindiensneembaarheid van 'n groot deel van die Afrikaners (sien afdeling 4 hieronder).

3. ARMOEDE IN SUID-AFRIKA IN HISTORIESE PERSPEKTIEF: VAN DIE ONTDEKKING VAN MINERALE TOT AAN DIE EINDE VAN BLANKE POLITIEKE OORHEERSING (±1870-1994)

Vóór die ontdekking van diamante in 1867 en goud in 1886, was Suid-Afrika se ekonomiese waarde in die wêreldekonomie betreklik klein. Die grootste deel van Suid-Afrika was nog deur die feodaal-georienteerde Afrikaners en die tradisioneel georienteerde Afrikane beheer. Hulle het weinig produkte vir 'n interne mark en – met die uitsondering van ivoor – bitter min vir die uitvoermark geproduseer. Die geleenthede vir suksesvolle akker- en veeboerdery is vanweë die gehalte van die grond en klimatologiese faktore baie swakker as in ander dele van die wêrelde wat vanaf 1500 deur Europese lande gekolonialiseer is. Boonop het die bergagtigheid en die gebrek aan bevaarbare riviere ernstige vervoerprobleme geskep. Die enigste ekonomiese bedrywigheid wat vóór die minerale revolusie 'n moderne en kapitalistiese karakter gehad het, was die wynbedryf in die Wes-Kaap, die wolbedryf van die Britse setlaars in die Oos-Kaap en die suikerindustrie wat in Natal aan die ontwikkel was. Al drie hierdie bedrywe het op 'n stelsel van rasse en koloniale kapitalisme berus omdat dit gebaseer was op die uitbuiting van swartarbeid.

Uit 'n eng ekonomiese oogpunt geoordeel, het Suid-Afrika se geskiedenis eers met die minerale revolusie 'n aanvang geneem. Oor die afgelope sowat 140 jaar het dit 'n reusagtige stimulus aan die Suid-Afrikaanse ekonomie gebied en was dit in 'n groot mate daarvoor verantwoordelik dat Suid-Afrika vandag as 'n hoë middel-inkomste land – saam met lande soos Brasilië, Argentinië en Chili – geklassifiseer word. Ná die ontdekking van diamante en goud het groot hoeveelhede buitelandse kapitaal en entrepreneurskap na

Suid-Afrika gevloeい en het moderne kapitalistiese korporasies deel van die Suid-Afrikaanse institusionele opset geword. Die mynbourevolusie het ‘n proses van modernisering van stapel laat loop wat met verloop van tyd na al die sektore van die ekonomie uitgekrag het.

Ten spyte van al die glinstering wat die minerale revolusie – letterlik en figuurlik – vir Suid-Afrika meegebring het, het dit ook ‘n donker skaduwee oor Suid-Afrika gewerp. Dit is ‘n magtige ironie dat die minerale revolusie wat direk en indirek soveel rykdom en weelde vir sommige (en hoofsaaklik blanke) Suid-Afrikaners – en veral vir baie buitelanders – geskep het, óók verantwoordelik was vir die verarming vir ‘n groot deel van die Afrikaners en vir ‘n nog ernstiger verarming van ‘n nog groter deel van die Afrikaanbevolking. Alhoewel inkome reeds ongelyk verdeel was toe die minerale revolusie ‘n aanvang geneem het, is die veel skerper ongelykhede in die verdeling van inkome wat tans bestaan, tot ‘n groot mate die gevolg van die minerale revolusie en die gedwonge wyse waarop die Afrikaners by die moderne sektor van die ekonomie betrek is.

Ons kan Suid-Afrika se ekonomiese geskiedenis vanaf die minerale revolusie tot aan die einde van blanke politieke oorheersing in drie tydperke indeel: eerstens die tydperk van 1867 tot 1932 waartydens die prys van goud relatief laag was en ook aan groot skommelinge onderwerp was en die ekonomiese groeikoers eweneens baie geskommel het. Tweedens die tydperk van 1933 tot 1973 toe die goudprys heelwat hoër was en geleidelik verder gestyg het. In hierdie 40 jaar het Suid-Afrika sy Goue Era van hoe ekonomiese groei beleef. Die derde tydperk strek vanaf 1974 tot 1994 en het saamgeval met die “struggle” van die bevrydings-organisasies teen die apartheidsbestel. Hierdie twintig jaar was ‘n tydperk van stagflasie, kruipende armoede en groeiende werkloosheid.

In elkeen van die drie tydperke van ±1870 tot 1994 het ekonomiese en politieke gebeure – in en buite Suid-Afrika – op ‘n verskeidenheid van maniere sommige bevolkingsgroepe onverdiend verryk, terwyl ander onverdiend verarm is. Hierdie verryking en verarming van verskillende bevolkingsgroepe was hoofsaaklik die resultaat van die mag – politieke, ekonomiese en ideologiese mag – waарoor sommige bevolkingsgroepe beskik het vis-à-vis die magteloosheid van ander bevolkingsgroepe. Die ongelyke verspreiding van mag wat tydens die uitgebreide koloniale tydperk tussen die blanke bevolkingsgroepe andersyds, en die verskillende swartbevolkingsgroepe, andersyds, bestaan het, was ‘n

belangrike oorsaak van die ongelyke verdeling van inkome en van die skerp teenstelling tussen blanke welvarendheid en swartarmoede.

3.1 Van die minerale revolusie tot 1932 toe Suid-Afrika van die goudstandaard afgestap het

Gedurende die eerste 60 jaar van die minerale revolusie het die rykdom wat geproduseer is, hoofsaaklik in die hande van die buitelandse aandeelhouers beland. Tot 80% van die aandele in diamant- en goudmaatskappye was tot ±1930 in die hande van buitelanders wat groot rykdom uit die ontginning van die minerale bekom het. Ons moet natuurlik toegee dat dit nie moontlik sou gewees het om die minerale revolusie suksesvol deur te voer sonder die kapitaal, die vindingrykheid en die entrepreneurskap van buitelanders nie. Maar na ons dit toegegee het, moet ons ook konstateer dat Suid-Afrika aan meedoënlose Britse imperialisme onderworpe was waardeur nie alleen die minerale rykdom nie, maar ook swartarbeid op ‘n roekeloze wyse deur die hoofsaaklik Britse mynmaatskappye – met die aktiewe steun van die Britse regering – uitgebuit is. Om dit te begryp moet die ekonomiese, die militêre en die propagandamag van Brittanje en die relatiewe magteloosheid van Suid-Afrika aan die einde van die 19de eeu in verrekening gebring word. Britse imperialisme het sulke diep wonde in die ekonomiese en sosiale “liggaam” van Suid-Afrika geslaan, dat dit nie moontlik is om ‘n geloofwaardige prentjie van armoede in Suid-Afrika te teken, sonder inagneming van die negatiewe gevolge van Britse imperialisme nie. Vanweë ‘n besondere sameloop van gebeure in die laaste kwart van die 19de eeu, het Brittanje Suid-Afrika geplunder in ‘n desperate poging om sy eie armoede probleme – wat ‘n restant van die eerste industriële revolusie was – te probeer oplos.

Brittanje het die pioniersrol in die eerste industriële revolusie (van 1770 tot 1840) gespeel. Vanaf 1860 het ‘n tweede industriële revolusie plaasgevind waarin Duitsland die pioniersrol gespeel het. Brittanje het hom swak aangepas by die tegnologiese en organisatoriese vernuwing van die tweede industriële revolusie en in die laaste kwart van die 19de eeu ‘n lang tydperk van ekonomiese stagnasie en werkloosheid beleef. Brittanje het op daardie stadium ‘n chroniese ongunstige handelsbalans met Duitsland en die VSA gehad en gevolelik ‘n uitvloei van goud ervaar. Dit het Londen se posisie as die finansiële middelpunt van die wêreld – ‘n wêreld wat op ‘n internasionale goudstandaard gebaseer was – ernstig onder druk geplaas. Toe goud aan die Witwatersrand ontdek is,

het Brittanje dit as ‘n godsgawe en as die oplossing vir sy ekonomiese en finansiële probleme gesien.

Die aard van die Witwatersrandse goudreserwes, en veral die gehalte van die erts, het beteken dat dit net op ‘n grootskaal en winsgewend ontgin kon word as goedkoop en gedwee ongeskoolde mynwerkers beskikbaar was. Alhoewel ‘n groot hoeveelheid potensiële Afrikaanarbeid in Suid-Afrika teenwoordig was, was die meerderheid Afrikane nog ekonomies onafhanklik en was dit vir hulle onnodig om kontrakarbeiders in die blanke ekonomie te word. ‘n Groot getal Afrikane het as kleinboere mielies op ‘n deelgrondslag op blanke plase en op kroongrond geproduseer, terwyl die meerderheid ‘n selfstandige, tradisionele bestaan gevoer het op daardie gedeeltes van Suid-Afrika wat steeds deur hulle beset was. Die goudmyne het van meet af probleme ondervind om die gewensde aantal Afrikaanarbeid te werf teen lone wat die mynmaatskappy bereid was om te betaal. In 1894 het die mynmagnaat Cecil John Rhodes – wat ook premier van die Kaapkolonie was – die Glen Greywet op die wetboek geplaas waardeur ‘n koppelbelasting op jong Afrikaanmans gehef is wat nie hulle arbeid buite die Transkei verkoop het nie. Dit het die Kamer van Mynwese in staat gestel om sowat 16 000 mynwerkers in die Transkei te werf. Teen die einde van die 1890s het sowat 100 000 Afrikane in die myne gewerk waarvan die meeste buite die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gewerf is.

Die mynmaatskappy het teen die einde van die 1890s besef dat hulle arbeidsprobleme onopgelos sou bly sonder ‘n sterk en simpatieke regering wat gewillig en in staat sou wees om die ekonomiese onafhanklikheid van die Afrikane in die ZAR te ondermyn en hulle op dié manier indirek sou dwing om goedkoop mynwerkers te word. Die Anglo-Boereoorlog het verskeie oorsake gehad. Die behoefte aan ‘n regering wat stappe sou neem om die Afrikane te dwing om mynwerkers te word, was een van die belangrikste – indien nie die belangrikste – redes vir die oorlog. Ná die oorlog het Lord Milner opdrag van die Britse regering gekry om arbeiders te werf teen lone wat ‘n derde laer moes wees as die lone wat vóór die oorlog betaal is. Sy pogings was onsuksesvol selfs al is toestemming verleen dat mynwerkers in Kenia en Tanganyika gewerf kon word. In 1903 het Milner twee stappe geneem om die ernstige arbeidstekort op die goudmyne te probeer oplos. Eerstens is 65 000 Chinese ingevoer om op die myne te werk. Tweedens het hy die *South African Native Affairs Commission (SANAC)* onder voorsitterskap van Lord Lagden aangestel om ondersoek in te stel waarom die Afrikane nie bereid is om teen die heersende lone in die myne te werk nie. SANAC het sy verslag in 1905 voltooi en kort

daarna is Milner terug geroep na Londen. SANAC het aanbeveel dat die enigste manier waarop Afrikane gemotiveer kon word om mynwerkers te word, is deur hulle ekonomiese onafhanklikheid berekend te ondermyn deur deelboerdery op blanke plase en op kroongrond te verbied en om die grond wat vir tradisionele boerdery beskikbaar was, drasties in te kort. SANAC se voorstel het daarop neergekom dat Afrikane doelbewus in 'n verarmde proletariaat omskep moes word sodat hulle geen ander keuse sou hê as om kontrakarbeiders op die myne en op blanke plase te word nie (HISA, 2002: 260-264).

Verskeie faktore het die implementering van die SANAC aanbevelings vertraag. Ná Uniewording in 1910 het die goudmyne steeds met ernstige arbeidsprobleme geworstel. Baie van die groot boere het toe ook begin om van veeboerdery na gekommersialiseerde mielieboerdery oor te skakel en hulle het toe ook 'n groot behoefte aan goedkoop Afrikaanarbeid ontwikkel. In 1913 het die SAP-regering van genl. Louis Botha die *Naturellen Grondwet* op die wetboek geplaas en daarmee die aanbevelings van die SANAC geïmplimenteer. 'n Baie noue simbiotiese verhouding het destyds tussen die goudmyne en die groot mielieboere enersyds en die SAP-regering bestaan. Die wet van 1913 het alle vorme van deelboerdery verbied en slegs 8% van Suid-Afrika se oppervlakte as naturelle reserve opsygesit. Dit was hopeloos te klein om die totale Afrikaanbevolking van 5 miljoen van 'n lewensoronderhoud te voorsien. Diegene wat 'n lewenstog buite die reservate gesoek het, was verplig om passe te dra en kon kontrakarbeiders op blanke plase word. 'n Groot persentasie van die jong mans in die reservate is as trekarbeiders deur die goudmyne gewerf. Die kontantlone wat tot in 1972 aan trekarbeiders betaal is, was baie laag. SANAC het aanbeveel dat minder as 'n onderhoudsloon aan trekarbeiders betaal kon word, omdat 'n deel van hulle onderhoudeur die naturelle reservate voorsien sou word.¹²

Die Naturellen Grondwet van 1913 was die rots waarop die goudmyn- en die mieliebedryf tot sê 1972 gebou is. Enersyds het dit die Afrikaanbevolking teen baie ongunstige terme in die blanke ekonomie ingedwing en andersyds het dit die hoofsaaklik Britse goudmyne en die Afrikaner mielieboere in staat gestel om groot winste te maak. Vanweë hierdie wet is Afrikane aan 'n meedoënlose stelsel van *sistemiese uitbuiting* onderwerp wat vir 60 jaar onveranderd in plek gebly het en waarvan die effek al hoe erger geword het. Die groeiende bevolking in die reservate en die agteruitgang van

¹² Die feit dat seuns tot 18 jaar in die reservate groot gemaak is en weer daarheen gestuur is om deur hulle moeders versorg te word wanneer hulle tuberkulose opgedoen het, het inderdaad daarop neergekom dat die sosiale versorging van trekarbeiders deur die naturelle reservate voorsien is.

landboutoestande in die reservate het steeds groter getalle Afrikane vir langer tydperk in die blanke ekonomie ingedwing.¹³ Die wet van 1913 was vir 'n groter verarming van Afrikane verantwoordelik as enige ander wet. Die per capita-inkome van Afrikane het van 9,1% van die blankes se per capita-inkome in 1917, gedaal tot slegs 6,8% in 1970! Die wyse waarop die Afrikane in die blanke ekonomie ingedwing is, het hulle nie net verarm nie, maar ook hulle stam- en familiestruktuur ontwrig en ernstige skade aan hulle kulturele gebruikte berokken en ook hulle menswaardigheid ondermyn. Die wet van 1913 het ook bepaal dat Afrikane nie grond of ander eiendom in Suid-Afrika (die reservate uitgesluit) kon besit nie. Vir 80 jaar lank kon Afrikane hulle dus nie teen die verarmingseffek van volgehoue inflasie beskerm nie.¹⁴

Die modernisering wat met die minerale revolusie 'n aanvang geneem het, het direk en indirek ook tot die verdere verarming van 'n groot deel van die Afrikaners en hulle Kleurlingwerkernemers geleid. Aan die begin van die minerale revolusie was die grootste deel van die Afrikaners onderhoudsboere en hoofsaaklik nog feodaal georienteer. In hierdie hoedanigheid was hulle in 'n ekonomies kwesbare posisie met 'n opvallende onvermoë om ekonomiese terugslae te kon weerstaan. Verskeie terugslae het Afrikaners dan ook aan die einde van die 19de en begin 20ste eeu getref waardeur baie in armoede gedompel is. In 1896-97 het die rinderpes epidemie 'n groot deel van die veestapel uitgewis. Die Anglo-Boereoorlog het vir 'n groot deel van die Afrikaners groot ontwrigting meegebring en ernstige verarming veroorsaak.¹⁵ Die *Naturellen Grondwet* van 1913 het as newe-effek ook baie bywoners van die platteland na die stede laat trek. Nadat die wet van 1913 Afrikaankontrakarbeiders aan gekommersialiseerde mielieboere beskikbaar gestel het, het hierdie boere verkies om van hulle blanke bywoners ontslae te raak. Nog twee gebeurtenisse wat tot 'n verdere verarming van die Afrikaners bygedra het, was die griep-epidemie van 1918 en die Groot Depressie van 1929 tot 1933. Afrikanerarmoede het aan die begin van die 1930s 'n hoogtepunt bereik. Die Carnegie-kommissie oor die Armlankevraagstuk het in 1932 bevind dat die een miljoen Afrikaners in drie gelyke groepe van 330 000 ingedeel kon word. Die boonste derde was

¹³ Die naturellen reservate is in 1936 tot 'n gebied gelyk aan 13,6% van die Suid-Afrikaanse oppervlakte vergroot deur die *Ontwikkelingstrust en Grondwet*. Die addisionele grond is geleidelik aangekoop en het die oorbevolking in die naturelle reservate nie betekenisvol verlig nie.

¹⁴ Eiendom wat in 1910 teen R1000 gekoop is, sou – alle ander dinge gelyk – nou minstens R130 000 word wees. Of, anders gestel, R130 koop vandag wat R1 in 1910 gekoop het.

¹⁵ Na beraming het 35 000 Afrikaners in die oorlog gesterf. Dit was sowat 17% van die bevolking van die twee Republieke en 6% van die totale Afrikaner bevolking. Die Britte se verskroeide aarde beleid het die verbranding van 40 000 boerewonings tot gevolg gehad. Na beraming is sowat 65% van die eiendom van Afrikaners vernietig. (Sien Pakenham, in Cameron, 1986: 217-218).

in 'n ekonomies bevredigende posisie, die middelste derde was arm en die onderste derde was sorgwekkend arm en wel in dié sin dat hulle armoede reeds 'n nadelige psigologiese effek op hulle lewensorientasie uitgeoefen het. (HISA, 2002: 260-264) en Grosskopf, 1932, Deel I).

Die gelyktydige proletarisering van die Afrikaners en die Afrikane gedurende die eerste derde van die 20ste eeu, het die Unieregering voor uiters moeilike uitdagings gestel. Belangrike verskille het egter tussen hierdie twee geproletariseerde bevolkingsgroepe bestaan. Die armlankes het oor die politieke stemreg beskik. Hulle was minder in getal en hulle is nie opsetlik nie – maar deur 'n ongelukkige sameloop van omstandighede – verarm. Die Afrikane, daarenteen, was ontkieser, baie groter in getal en is opsetlik verarm as 'n metode om hulle as goedkoop arbeiders in die blanke ekonomie in te dwing. Albei die geproletariseerde groepe het aan die begin van die eeu aanspraak gemaak op 'n groter plek in die Suid-Afrikaanse son. Die vermoë van die ekonomie was aan die begin van die 20ste eeu waarskynlik nog te beperk om gelyktydig 'n beter bedeling aan albei groepe te gee, veral as die armoede van die Kleurlinge ook in verrekening gebring word.

Die SAP-regering (1910 tot 1924) het hoofsaaklik die belang van die Engelssprekende deel van die blanke bevolking (insluitend die belang van die goudmyne) en die belang van die groot gekommersialiseerde Afrikaner boere verteenwoordig. Die SAP-regering het aanvanklik gehuiwer om die belang van die Afrikanerkleinboere en die Afrikanerproletariaat uitdruklik bo dié van die Afrikaanproletariaat te verskans. 'n Uitdruklik bevoorregting van die arm Afrikaners bo die arm Afrikane sou koste-implikasies vir die goudmyne hê en die SAP-regering was versigtig om nie die goudmyne se pogings om goud so goedkoop as moontlik te produseer, in die wiele te ry nie. Die groot mynwerkerstaking van 1922 en die feit dat die Afrikaners stemreg gehad het, het uiteindelik die skaal ten gunste van die Afrikaners en teen die Afrikane laat swaai.¹⁶ Ná die staking van 1922 het sowel die goudmyne as die SAP-regering aan die eise van die blanke mynwerkers toegegee. Die verhouding tussen blanke en swartmynwerkers is op 1:9 vasgepen en in 1924 het die SAP-regering die Nywerheidsversoeningswet op die wetboek geplaas. Hierdie wet het bepaal dat pasdraende mans – d.w.s. Afrikaanmans – nie lede van vakunies kon word nie en ook nie aan stakings kon deelneem nie. Dit was 'n groot toegewing om die bedingsmag van die blanke arbeidsmag te verskans.

¹⁶ In 1921 was meer as die helfte van die blanke mynwerkers Afrikaners. Om koste te bespaar, het die goudmyne aangekondig dat die ongeskoolde Afrikaanmynwerkers per blanke toesighouer van 7 tot 11 verhoog sou word om koste te bespaar. Hierdie besluit het tot die blanke mynwerkersstaking van 1922 geleid.

As 'n nadraai van die staking van 1922, het die Pakt tussen die Nasionale Party (NP) van Genl. Hertzog en die Arbeidersparty (AP) van kolonel Cresswell, die verkiesing van 1924 gewen. Dit het die skaal verder in die guns van die blankes laat swaai. Die Pakt-regering het die belang van die kleinboere, die armlankes (hoofsaaklik Afrikaners) en die Afrikaner en Engelse werkersklas verteenwoordig. Die Pakt-regering het die beperkte diskriminerende maatreëls wat reeds op die wetboek was, aansienlik uitgebrei. Die doel van diskriminerende maatreëls was om ongeskoolde en verarmde blankes (hoofsaaklik Afrikaners) teen swart mededinging te beskerm deur te bepaal dat sekere werk net deur blankes (of net beskaafde persone wat sommige Kleurlinge en Asiate ingesluit het) gedoen kon word en dat hulle ook hoër besoldiging as Afrikane moes kry.¹⁷ Vir die swartes (en veral die Afrikane) was die diskriminerende maatreëls 'n ernstige terugslag want dit het hulle van beter werkgeleenthede en hoër besoldiging ontneem. Die politieke gebeure van die 1920s het die skaal beslissend in die guns van die Afrikanerproletariaat en teen die Afrikaanproletariaat laat swaai. In die daarop volgende 40 jaar het die ekonomiese posisie van die Afrikaners dramaties verbeter, terwyl dié van die Afrikane verder verswak het. Met die wyse van nawete is dit jammer dat Afrikanerarmoede ten koste van groter Afrikaanarmoede opgelos is. (HISA, 2002: 272-275).

3.2 Die Goue Era van hoë ekonomiese groei (1933 – 1973)

Suid-Afrika het in Desember 1932 van die goudstandaard afgestap en sy geldeenheid in pariteit met dié van Britse geldeenheid gebring. Dit het op 'n 45% devaluasie neergekom wat beteken het dat die prys van goud vir die Suid-Afrikaanse myne met 45% gestyg het. Toe die Hertzog-regering sy voorneme laat blyk dat hy die sogenaamde goud *bonanza* gaan wegbelas, het Genl. Smuts – op aandrang van die Kamer van Mynwese – met Genl. Hertzog begin onderhandel oor 'n koalisie-regering. Die twee generaals het eenstemmigheid oor 'n koalisie bereik op voorwaarde dat slegs 50% van die *bonanza*

¹⁷ Dit is belangrik om duidelik tussen *swartarbeidonderdrukkende* maatreëls en *diskriminerende* maatreëls te onderskei. Die eerste maatreëls was daarop bereken om die Afrikane in 'n reservoir van goedkoop arbeid te omskep deur bv. die Meester- en Diensbodewette en die Naturellen Grondwet van 1913. Die diskriminerende maatreëls was daarop bereken om ongeskoolde blankes teen swart mededinging te beskerm. Die onderdrukkende maatreëls was *kostebesparend* vir die werkgewers, terwyl die diskriminerende maatreëls *kosteverhogend* vir die werkgewers was. Die hoofsaaklik Engelse werkgewersklas (insluitende die goudmyne) het vir dekades lank teen diskriminerende maatreëls geagiteer. Die heelwat kleiner Afrikaner werkgewersklas (buite die landbou) was meesal ten gunste van diskriminerende maatreëls want dit het verskansing aan Afrikaners armlankes verleen. Gedurende die eerste 80 jaar van die 20ste eeu – toe albei maatreëls van toepassing was – was die voordele vir *onderdrukkende* maatreëls vir die werkgewersklas egter baie groter as die hoër koste wat deur die *diskriminerende* maatreëls meegebring is. Die getal swartes wat aan onderdrukkende maatreëls onderwerp was, was baie groter as die getal blankes wat deur diskriminerende maatreëls beskerm is. (HISA, 2002: 253-254).

wegbelas sou word en dat Smuts vir Hertzog sou steun in wetgewing om daardie Afrikane – wat stemreg in Kaapland gehad het – van die gemeenskaplike kieserslys te verwijder. Hierdie wetgewing is in 1936 met ‘n twee-derde meerderheid aanvaar.¹⁸

Die goud *bonanza* van 1932 het ‘n groot stimulus aan sowel die private as die openbare sektore gebied. Die veel groter inkomste wat dit aan die staat besorg het, het dit vir die staat in die daaropvolgende 15 jaar moontlik gemaak om die infrastruktuur van ‘n moderne land te bou en om onderwys en gesondheidsfasiliteite (vir hoofsaaklik die blankes) aanmerklik op te gradeer. Die Tweede Wêreldoorlog het ‘n verdere stimulus aan die ekonomie gebied. Aangesien Suid-Afrika nie meer dieselfde hoeveelheid vervaardigde goedere van Brittanje kon invoer nie, moes hy dit self begin produseer. Gevolglik beleef Suid-Afrika sy industriële “opstygging” in die 1940s. Die ekonomiese voorspoed wat in die dertiger- en veertigerjare behaal is, is teen ‘n selfs vinniger tempo in die vyftiger- en sestigerjare tot in 1973 voortgeplant. Die groter sosiale stabiliteit wat die NP-regering ná 1948 bewerkstellig het en die selfs groter beskikbaarheid van goedkoop en gedweë swartarbeid wat deur Dr Verwoerd se arbeidswette voorsien is, het tot ‘n groot invloei van buitelandse kapitaal gelei op ‘n tydstip toe daar in Westerse lande ook ‘n groot vraag na Suid-Afrikaanse grondstowwe en landbouprodukte bestaan het. Die geïndustrialiseerde wêreld het sy Goue Era van hoë groei van 1950 tot 1973 deurleef toe ‘n jaarlikse groeikoers van byna 5% aangeteken is. Boonop het die goudprys verder gestyg as gevolg van verdere devaluasie teenoor die Amerikaanse dollar. Al hierdie gebeurtenisse het Suid-Afrika in staat gestel om van 1933 tot 1973 ‘n Goue Era van hoë ekonomiese groei te behaal. Die jaarlikse gemiddelde groeikoers in hierdie 40 jaar was 4,5%. (HISA, 2002: 275-280; 298-301).

Die groter rykdom wat gedurende die Goue Era geproduseer is, het nie in ‘n gelyk mate tot die voordeel van die verskillende bevolkingsgroepe gestrek nie. Inteendeel. Die bevolkingsgroep wat die meeste voordeel daaruit ontleen het, was die blankes en veral die Afrikaners. Die per capita-inkome van die blankes het van R13 800 in 1936 tot R33 000 in 1970 gestyg (in konstante 1995 pryse).¹⁹

¹⁸ Die politieke ruilery tussen Hertzog en Smuts om die verskansde beginsels – waarop Uniewording gebaseer was – te omseil, werp ‘n donker skaduwee oor die integriteit van ons politieke leiers en op die houvas wat die Kamer van Mynwese op Genl. Smuts gehad het.

¹⁹ Die per capita-inkome van die ander drie bevolkingsgroepe het ook gestyg, maar slegs die Kleurlinge se inkome het as persentasie van dié van die blankes van 15,69% tot 17,39% gestyg. Die Asiers en die Afrikane se per capita-inkome het van 23% na 20% en van 7,6% na 6,8% van dié van die blankes, respektiewelik, gedaal. (Van der Berg en Bhorat, 1999, Tabel 6).

Die Afrikaners was die bevolkingsgroep wat by verre die meeste vordering gedurende die Goue Era gemaak het en wel sodanig dat hulle armoede – wat in 1932 baie ernstig was – teen 1973 grootliks uit die weg geruim was. Verskeie buite-ekonomiese faktore het hierin ‘n rol gespeel. In die 15 jaar van 1933 tot 1948 – d.w.s. in die tydperk vóór die NP aan die bewind gekom het – het die Afrikaners se inkome reeds aanmerklik gestyg. Die feit dat hulle – in teenstelling met die swart bevolkingsgroepe – toegang tot verskansde werkgeleenthede gehad het en oor beter onderwys geleenthede en vakbondregte (saam met sommige Kleurlinge) beskik het, het beteken dat hulle ‘n relatief groot voordeel uit die hoë groeikoers en die groter vraag na geskoolde arbeid ontleen het. Baie arm Afrikaners het ook gedurende die Tweede Wêreldoorlog by die weermag aangesluit en goeie salarissose as gealleerde soldate verdien.

Een van die beleidsplatforms waarop die NP die verkiesing van 1948 gewen het, was die belofte dat dit die armlankenvraagstuk sou oplos en die beweerde onreg wat Britse kolonialisme en vreemde kapitalisme teenoor die Afrikaners gepleeg het, sou regstel. Die NP-regering het dan ook omvattende “regstellende” maatreëls geïmplimenteer. In die openbare en parastale sektore is Engelssprekende amptenare wat nie tweetalig was nie, met Afrikaners vervang en binne sowat 15 jaar is hierdie sektore byna volledig “verafrikaniseer”. Sosiale bestedings op onderwys, gesondheid en sosiale sekuriteit is aanmerklik verhoog en ook so gekanaliseer dat die Afrikaners ruim daardeur bevoordeel is. Die Afrikaner landbou-sektor en die ontluikende Afrikaner sakesektor is op ‘n veelheid van maniere deur die NP-regering begunstig. Al hierdie maatreëls het – te midde van die vinnig groeiende ekonomie – daartoe bygedra dat die armoedevraagstuk in Afrikanergeledere in 1973 bykans volledige opgelos was.

Vóór 1948 was die per capita-inkome van die Afrikaner minder as 50% van dié van die blanke Engelssprekendes. Teen 1973 was dit gelyk aan 75% van die (toe aansienlik hoër) per capita-inkome van die Engelssprekendes. Die ekonomiese vordering wat die Afrikaners van 1933 tot 1973 gemaak het, was merkwaardig. Met die wysheid van nawete kan ons konstateer dat die *embourgeoisement* van die Afrikaners – wat gedurende die derde kwart van die 20ste eeu plaasgevind het – waarskynlik te vinnig en te maklik gebeur het en blywende skade aan die kulturele integriteit van die Afrikaners berokken het.

Alhoewel die per capita-inkome van die Kleurlinge gedurende die Goue Era gestyg het vis-à-vis dié van die blankes, was hierdie tydperk vir hulle nogtans 'n traumatisiese een. Die apartheidsbeleid wat die NP ná 1948 toegepas het, het vir die Kleurlinge die implikasie gehad dat hulle status van tweedeklas burgers gereduseer is tot derdeklas burgers, terwyl daar ook 'n groot verwydering tussen die Kleurlinge en hulle Afrikanertaal- en kultuurgenote ingetree het. Verskeie apartheidswette – soos die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike (1949), die Groepsgebiede Wet (1950), die Wet op Aparte Geriewe (1953) en die Nywerheidsversoeningswet (1956) – is ook op die Kleurlinge van toepassing gemaak. Geen sodanige diskriminerende wette was gedurende die segregasie tydperk (1910-1948) op hulle van toepassing nie. In 1956 is die Kleurlinge ook van hulle stemreg op die gesamentlike kieserslys in Kaapland ontnem. Die Erika Theron Kommissie (1973-1976) – wat ondersoek ingestel het na die sosiaal-ekonomiese posisie van die Kleurlinge – het bevind dat 30% van die Kleurlinge 'n gesonde ekonomiese posisie was, dat 'n verdere 30% arm was en dat die onderste 40% nie alleen sorgwekkend arm was nie, maar ook vasgevang was in 'n toestand van chroniese gemeenskapsarmoede wat onder meer geïmpliseer het dat hulle hul aan sosiaal afwykende en selfs kriminele gedrag skuldig gemaak het. (Theron-verslag, 1976: hoofstuk 22).

Die per capita-inkome van die Afrikane het van R1048 in 1936 tot R2246 in 1970 verdubbel, maar as 'n persentasie van die blankes se per capita-inkome van 7,6% na 6,8% gedaal.²⁰ Die Afrikane is gedurende die 40 jaar van 1933 tot 1973 aan groot sosiale en ekonomiese ontwrigting blootgestel. Alhoewel die naturelle reservate in 1936 vergroot is, het die oorbenutting en die roofbou in die reservate die produksievermoë daarvan ernstig geknou en wel gedurende 'n tydperk toe die bevolking van hierdie gebiede skerp toegeneem het.²¹ Die oorbevolking van die reservate te midde van die agteruitgang van die landboupotensiaal, was 'n formule vir groeiende Afrikaanarmoede. Terselfdertyd het die kontantlone van Afrikaan trekarbeiders teen 'n veel stadiger tempo as die algemene pryspeil gestyg en gevvolg in reële terme gedaal.²² Die lone van Afrikaanwerskers in die landbou-sektor was net so laag – en selfs laer – as in die goudmyne. Die lone van Afrikane in die vervaardigingsindustrie het gedurende die oorlogsjare gestyg van 19% tot

²⁰ Die Afrikane se aandeel in totale inkome het in hierdie 40 jaar (Van der Berg & Bhorat, 1999, Tabel 6) van 22% in 1925 tot 19,5% in 1970 gedaal, terwyl hulle aandeel in die totale bevolking van 68% na 70% gestyg het.

²¹ Die Afrikaanbevolking in die naturelle reservate het van 2,4 miljoen in 1933 toegeneem tot 7,4 miljoen in 1970 – of van 40% tot ongeveer 50% van die totale Afrikaanbevolking (Lipton, 1986: 402).

²² Die kontantlone van trekarbeiders is met 20% in 1960 verhoog, maar ten spyte daarvan was hulle reële lone in 1972 nog sowat 8% laer as die vlak van 1911 (Lipton, 1986: 410).

24% van dié van blanke lone, maar daarna weer tot 16,7% van die blankes gedaal in 1970.²³

Die bewindsaanvaarding van die NP in 1948 het in vele opsigte 'n donker tydperk vir die Afrikaanbevolking ingelei. Alhoewel dit onwaar is dat onderdrukkende en diskriminerende maatreëls eers vanaf 1948 ingestel is – soos wat dikwels beweer word – ly dit egter geen twyfel nie dat die NP-regering sowel die onderdrukkende as die diskriminerende maatreëls aanmerklik versterk het. Die wetgewing wat die grootste bydrae hietoe gelewer het, was die pas- en instromingsbeheerwetgewing wat Dr Verwoerd in 1952 op die wetboek geplaas het en die Nywerheidsversoeningswet van 1956. Die wette van 1952 het die instromingsbeheerstelsel – wat reeds sedert 1923 bestaan het – baie meer omvattend en baie meer doeltreffend gemaak. Arbeidsburo's is in die reservate, in landboudistrikte en in stedelike gebiede gestig. Die eerste doel daarvan was om die uitvloei van Afrikaanarbeid vanaf landboudistrikte na die stede stop te sit sodat die Afrikanerboere nie so 'n groot arbeidsverlies soos gedurende die oorlog sou ly nie. Afrikaanmans wat vanaf die oorbevolkte reservate in die stede wou gaan werk, moes permitte by arbeidsburo's in die reservate en in die stede kry en het net 72 uur gehad om werk in die stede te soek. Indien hulle nie werk kon kry nie, moes hulle teruggaan na die reservate en van vooraf met die arbeidsburoproses begin. Mettertyd was werksoekers gewillig om werk te aanvaar ongeag die onaangenaamheid daarvan en ongeag die laagte van die loon. Op dié manier het die Verwoerdiaanse burokrasie 'n trekarbeidstelsel vir Afrikaanindiensneming in die vervaardigingsindustrie in die stede geïntroduseer.

Die Verwoerdiaanse burokrasie – wat telkens opgegradeer om al hoe meer "doeltreffend" te word – was daarop bereken om Afrikaanarbeid so goedkoop en so gedweë as moontlik aan die vervaardigingsindustrie beskikbaar te stel. Dit het 'n ystergreep op die beweging van 'n groot deel van die Afrikaanbevolking gehad en hulle geprosesseer asof hulle nie arbeiders was nie, maar manipuleerbare arbeidseenhede. Vanaf 1952 tot 1986 – toe instromingsbeheer afgeskaf is – is 12 miljoen Afrikane vervolg en tronkstraf opgelê omdat hulle bewysboeke (of die sg. "dompas") nie in orde was nie. Die rompslomp wat aan die kontrole van die arbeidsburo's verbonde was, was so omslagtig dat duisende Afrikane dit mettertyd berekend geïgnoreer het en onwettig in die stede (en teen nog laer

²³ Die rede vir die styging van Afrikaanlone in die vervaardigingsindustrie tydens die oorlog, moet toegeskryf word aan die feit dat die Smuts-regering die diskriminerende wette in daardie tyd nie streng toegepas het nie en Afrikane toegelaat het om semi-geskoolde werk te doen (HISA, 2002: 278-281).

lone) gewerk het, ongeag die risiko van kriminele vervolging. Op dié manier is 'n groot deel van die stedelike Afrikane gekriminaliseer.²⁴ (Posal, 1991: 66-90).

Die Nywerheidsversoeningswet van 1956 het bykans alle geskoolde en semi-geskoolde werk vir blankes gereserveer. 'n Belangrike verskil het tussen die diskriminerende maatreëls wat in die 1910s en 1920s ingestel is en dié van 1956 bestaan. Eersgenoemde is ingestel met die bedoeling om werklose en verarmde blankes (hoofsaaklik Afrikaners) van verskansde werksgeleenthede te voorsien, terwyl die maatreëls van 1956 die verskansde en goedbesoldigde werksgleenthede van Afrikaners beskerm het sodat hulle die redelik hoë lewenstandaarde wat hulle toe gehandhaaf het, kon behou. Die diskriminerende maatreëls het Afrikane egter permanent tot ongeskoolde werk beperk en hulle ook die geleentheid ontnem om ervaring in semi-geskoolde en geskoolde werk op te doen.

Die ongeskooldheid van die Afrikane is verder bevestig deur die ontoereikende onderwys wat tot hulle beskikking was. In 1953 is Afrikaanonderwys van sendingskole na die Departement van Bantoe-onderwys oorgeplaas. Hierdie Departement was veronderstel om self-finansierend te wees. Besteding op Afrikaanonderwys is op die vlak van die Afrikaanbelasting vasgepen. Die implikasie daarvan was dat besteding op hulle onderwys skerp gedaal het tot en met die Soweto-onluste.²⁵ Die verarmde effek wat dit op Afrikane gehad het, kan nie maklik oorbeklemtoon word nie.

Nog twee apartheidmaatreëls wat direk en indirek 'n blywende verarmingseffek op Afrikane uitgeoefen het, was die ontwrigtende effek wat die trekarbeiderstelsels op die gesinstrukture van die Afrikane uitgeoefen het en die bevolkingsverskuiwings wat op 'n groot skaal in die 1960s en 1970s plaasgevind het. Sowel die trekarbeidstelsel van die mynbedryf as die trekarbeidstelsel wat in 1952 vir indiensneming in die fabriekswese ingestel is, het eintlik net Afrikaanmans toegelaat om in die stede te wees. Die enkelkwartier-behuising wat vanaf die 1950s vir Afrikaanmans gebou is, was 'n addisionele maatreël om Afrikaanvroue en -kinders uit die stede te hou. Maar met verloop van tyd het 'n groeiende getal Afrikaanvroue en -kinders hulle onwettig in die

²⁴ Dit het aan die einde van die 1970s geblyk dat as 'n Afrikaan vir nege maande onwettig in Johannesburg gewerk het en dan vir 3 of 6 maande tronkstraf sou kry, sy familie baie beter daaraan toe sou wees as wanneer hy glad nie gewerk het nie.

²⁵ Besteding op Afrikaanonderwys het in per capita terme van 13% van die blankevlak in 1953 gedaal na 10% in 1961 en na slegs 4% in 1975! (De Villiers, 1996). Na die Soweto-onluste het besteding op Afrikaanonderwys skerp gestyg.

stede gevestig. Hierdeur is 'n verdere dimensie aan die kriminalisering van veral stedelik Afrikane verleen. In veral die 1960s is groot getalle Afrikane wat as "surplus" mense geklassifiseer is – uit stedelike gebiede verwijder en is sg. "swart kolle" – wat in blanke plattelandse gebiede bestaan het – ook opgeruim. Die ontwrigtende en verarmde effek van hierdie maatreëls was eweneens baie groot en blywend.

3.3 Die tydperk van die "struggle", van stagflasie en van kruipende armoede (1974-1994)

Verskeie gebeure in die eerste helfte van die 1970s was vir 'n belangrike paradigmaskuif in Suid-Afrika se geskiedenis verantwoordelik. Die Egipties-Israeloorlog van 1973 het tot die stigting van OPUL geleid wat vir 'n skerp stygging in die prys van olie verantwoordelik was. Dit het wêreldwyd tot 'n verlangsaming van ekonomiese groei en tot dubbelsyfer inflasie geleid. Terwyl hierdie stagflasie in die meeste lande net tot die 1970s beperk was, het dit in Suid-Afrika tot in 1994 voorgeduur het. Verskeie ekonomiese en politieke gebeure wat Suid-Afrika direk beïnvloed het, was daarvoor verantwoordelik. In 1973 het die onwettige staking van Afrikaanwerkers in Durban gedemonstreer dat Afrikane oor groot bedingsmag op die arbeidsterrein beskik. In April 1994 het Genl. Spinola sy staatsgreep in Lissabon deurgevoer. Dit het aanleiding gegee tot die onafhanklikheid van Angola en Mozambiek met pro-Sowjet regerings. Hierdeur is die kommunistiese gevaar tot op die druppel van Suid-Afrika en die destydse Suidwes-Afrika gebring. Die beweerde Totale Aanslag wat Sowjet-geïnspireer sou wees, het die Totale Strategie van die NP-regering ontlok. Gevolglik styg militêre en sekuriteitsbestedings – te midde van die kwynende ekonomie – baie skerp. Op 16 Junie 1976 vind die Soweto-onluste plaas waardeur die "struggle"-tydperk formeel van stapel gestuur word. Dit ontlok in die daaropvolgende 15 jaar sanksies van die meeste lande in die wêreld, terwyl die disinvesteringsbeleid van sommige lande tot 'n uitvloei van meer as R50 miljard in die 10 jaar ná 1985 lei. Van 1974 tot 1994 is die jaarlikse groeikoers slegs 1,7% en daal die reële per capita-inkome met 0,7% jaarliks.²⁶

Die kruipende armoede en die skerp toename in werkloosheid van 1974 tot 1994 het die armste helfte van die Afrikane en die Afrikaners op 'n dramatiese wyse laat verarm. Die huishoudelike inkome van die onderste 40% van Afrikaanhuisshoudings (gelyk aan ±50% van die Afrikane) het van 1975 tot 1996 met meer as 50% gedaal. Die huishoudelike

²⁶ Die reële per capita groeikoers was 2,9% in die 1960s, 0,7% in die 1970s, minus 0,6% in die 1980s en minus 1,5% van 1990 tot 1994. (SAHDP, 2003: 13).

inkome van 40% van blanke huishoudings (wat waarskynlik 70% van die Afrikaners ingesluit het), het van 1975 tot 1996 met 40% gedaal. As gevolg van hierdie dalings het sowat 70% van die Afrikaners ‘n groot deel van die inkomste stygings wat hulle gedurende die derde kwart van die eeu ondervind het, verloor. (Whiteford & McGrath, 1994: Tabel 7.1 en Whiteford en Van Seventer, 1999).

Gedurende die tydperk van stagflasie en die “struggle” het ‘n merkwaardige verskuiwings in die relatiewe bedingingsmag tussen die vier bevolkingsgroep plaasgevind. Die bedingingsmag van die boonste groep in die drie swartbevolkingsgroepes het sterker geword, terwyl die bedingingsmag van die blankes geleidelik afgeneem het. Dit het ‘n belangrike rol gespeel in die skerp styging in die huishoudelike inkomste van die boonste 20% van Afrikaan-, Kleurling- en Asiatische huishoudings. Hulle inkomste het van 1975 tot 1996 met respektiewelik 45%, 30% en 50% gestyg, terwyl die inkomste van die boonste 20% van blanke huishoudings konstant gebly.²⁷

‘n Belangrike oorsaak van die skerp daling in die inkomste van die armste 50% van Afrikane, was die skerp toename in Afrikaanwerkloosheid van 1970 tot 1995. Terwyl die totale werkloosheid van 20% in 1970 na 30% in 1995 gestyg het, het Afrikaanwerkloosheid van 24% na 40% gestyg. (Sien Tabel 2). Die groter werkloosheid in veral Afrikaangeledere was nie net die resultaat van die laer groeikoers nie, maar ook die resultaat van verskuiwings wat in die relatiewe aandeel van die verskillende sektore van die ekonomie plaasgevind het en van veranderings in die produksiemetode van die moderne sektor. Vanaf 1970 tot 1995 het die bydrae van die landbou- en mynbousektore (wat oorspronklik ‘n groot hoeveelheid ongeskoolde Afrikane in diens geneem het) gedaal, terwyl die aandeel van die tersiëre sektor skerp gestyg het.²⁸ Die Afrikane se onderwyspeile was oor die algemeen ontoereikend om in die tersiëre sektor indiensgeneem te word. Maar wat waarskynlik belangriker is, is dat alle sektore in die ekonomie baie meer kapitaalintensief geword het gedurende hierdie 25 jaar.

²⁷ Die huishoudelike inkomste van die huishoudings tussen die boonste 20% en die onderste 40% van al vier bevolkingsgroepes het min of meer dieselfde patroon gevolg. Dié van die Afrikane en blankes het gedaal en dié van die Kleurlinge en Asiërs het gestyg. (Whiteford & McGrath, 1994: Tabel 7.1 en Whiteford & Van Seventer, 1999).

²⁸ Die landbou- en mynbousektore se aandeel in indiensneming het van 40% van totale indiensneming in 1950, na 28,2% in 1970 en na 18,2% in 1996 gedaal. Die aandeel van die tersiëre sektor (huishoudelike dienste uitgesluit) het van 10,6% in 1950, na 16,4% in 1970 en 34,5% van totale indiensneming gestyg (Baker, 1999: Tabel 4.3).

Toe Afrikaanarbeid gedurende die 1970s hulle gedweënheid en goedkoop karakter – te middel van stakings en onluste – verloor het, het die hoofsaaklik blanke entrepreneursklas begin om toenemend Afrikaanarbeid met kapitaal te vervang. Dit is inderdaad ‘n magtige ironie dat die blanke entrepreneursklas vir 80 jaar – van sê 1890 tot 1970 – ‘n bykans onversadigbare vraag na ongeskoolde Afrikaanarbeid gehad het (en dat opeenvolgende koloniale en blanke regerings telkens – op versoek van blanke werkgewers – addisionele wetgewing op die wetboek geplaas het om Afrikane te verarm en hulle só indirek in die blanke arbeidsmark te dwing), terwyl die blanke entrepreneurs hierdie soort arbeid ná 1970 as’t ware oorbodig verklaar het. Vanweë belangrike struktuurveranderings wat in die aard van Afrikaanarbeid én in die produksiemetodes van die moderne sektor ingetree het, is ‘n groot deel – of meer as 50% - van die potensiële Afrikaanarbeidsmag sedert 1970 in strukturele werkloosheid gedompel. Terwyl die Suid-Afrikaanse ekonomie teen 1970 nog die karakter van ‘n stelsel van koloniale en rasse kapitalisme gehad het, het dit in 1995 die karakter van ‘n Eerste Wêreld kapitalistiese enklave verkry. In hierdie nuwe stelsel distansieer die entrepreneursklas sigself toenemend van die indiensname van ongeskoolde Afrikaanarbeid. Hierdie neiging staan in skrille teenstelling met die groeiende vraag na Afrikaanarbeid vóór 1970.

Verskeie hervormingsmaatreëls wat in die 20 jaar van 1974 tot 1994 getref is, het die neiging na groter kapitaalintensiteit en na kapitalistiese enklaviteit sterk gestimuleer. Vanaf 1979 tot 1981 is diskriminerende arbeidspraktyk afgeskaf en het Afrikane die reg verkry om vakbonde te stig en om aan wettige stakings deel te neem. Dit het daartoe geleid dat sowat ‘n kwart van die swartarbeidsmag in geskoolde poste aangestel en bevorder is. Hulle lone het buite verhouding met dié van blankes gestyg. Die res van die swartes wat hulle werkgeleenthede behou het, se lone het konstant gebly of selfs gedaal, terwyl ‘n steeds groeiende deel van die swartes (en veral Afrikane) werkloos geraak het.

Belangrike verandering is vanaf 1974 tot 1994 in die NP-regering se bestedingspatrone aangebring. Naas die skerp styging in die besteding op verdediging en sekuriteit, het besteding op Afrikaanonderwys ook skerp gestyg ná die Soweto-onluste. Om hierdie stylings te finansier te midde van ‘n kwynende ekonomie, moes bestedings op ander poste besnoei word en het die staatskuld sterk begin toeneem. In hierdie omstandighede kon die NP-regering nie sy hoë besteding op sosiale dienste vir blankes (wat veral Afrikaners voordeel het) en sy subsidie aan die landbousektor handhaaf nie. ‘n Vermindering van bestedings op hierdie twee poste, het ‘n belangrike rol gespeel in die

verarming wat Afrikaners in hierdie tyd ondergaan het. Van 1984 tot 1994 het die regering sy bestedings op Kleurlinge en Asiërs redelik skerp vermoeerder in 'n poging om die Driekamerparlement-stelsel te laat slaag. Hierdie bestedings het tot 'n aanmerklike verbetering in die ekonomiese posisie van veral die boonste helfte van die Kleurlinge en die Asiërs bygedra. Nog bestedingspatrone wat vermelding verdien, is die groot bedrae wat op die Tuislandregerings op hulle burokrasie en op grensnywerheidsontwikkeling bestee is. Dit is gedoen in 'n poging om hierdie Verwoerdiaanse eksperimente te laat slaag. Aangesien al hierdie bestedings deur ideologiese en nie deur ekonomiese oorwegings geïnspireer is nie, het dit tot grootskeepse vermorsing aanleiding gegee. Dit het egter – tesame met groter bestedings op Afrikaanonderwys in die 1980s – 'n rol gespeel in die styging wat in die huishoudelike inkomste van die boonste 20% van Afrikaanhuishoudings vanaf 1975 tot 1996 ingetree het. (HISA, 2002: 392-400).

'n Staatsfinansiële implikasie wat op lang duur 'n verarmde effek gehad het, was die skerp toename in die staatskuld. 'n Geleidelike styging is van 1975 ondervind. Hierdie styging het skerp geëskaleer van 1990 tot 1994. Die totale staatskuld het (in heersende prys) van R91,2 miljard in 1990 tot R237,3 in 1994 gestyg. Die konsolidasie van die staatskuld van die Tuislande is by laasgenoemde bedrag ingesluit. Die skerp styging dui nogtans op ongesonde fiskale en makro-ekonomiese beleidsrigtings gedurende die laaste fase van die NP-regering.

Die daling van inkome van die armste helfte van die Afrikane vanaf 1975 tot 1996 moet as 'n ongelukkige newe-produk van die "struggle" tydperk gesien word. Benewens die groeiende Afrikaanwerkloosheid, het die vinniger toename van die Afrikaanbevolking in hierdie tydperk ook 'n bydrae tot die verarmingsproses gemaak. Die aandeel van die Afrikane in die totale bevolking het van 67% in 1910 na slegs 70% in 1970 gestyg. Maar ná 1970 het die bevolkingsgroeikoers van die Afrikane egter baie versnel en het hulle byna 77% van die bevolking in 1996 uitgemaak en vorm hulle tans 80% van die totale bevolking.²⁹ Die skerp toename in werkloosheid en die gelyktydige toename in hulle

²⁹ Van 1970 tot 1996 het die Afrikane die sg. eksplosiewe fase van hulle demografiese siklus deurloop toe mortaliteit (en veral kindermortaliteit) skerp gedaal het en hulle fertilitet steeds besonder hoog was. Die rede waarom die Afrikane se fertilitetskoers so hoog was, is 'n omstrede aangeleentheid. Toe die Afrikane nog in hulle tradisionele stamverbande geleef het, het streng reëls en taboes die verwekking van kinders beheer. Met die gedwonge verstedeliking van die Afrikane – te midde van groot sosiale ontwrigting – het die tradisionele bevolkingsbeheer tot niet gegaan en is omstandighede geskep wat bevorderlik was vir seksuele losbandigheid en promiskuiteit. Dit moet ook in ag geneem word dat die toestand van chroniese armoede waarin die swart *underclass* (± 15 miljoen mense) leef, onstandighede skep wat bevorderlik is vir 'n hoë persentasie enkelmoeders (jonger as 20 jaar) en dat dit opeenvolgende geslagte in hulle geledere tot ± 15 jaar laat krimp het. (Sadie, 1999).

bevolkingsgroei, het die Afrikaner in 'n slegte knyptang van verarming vasgevang. Terwyl 34% van die totale Afrikaanbevolking in 1970 'n vaste werkgeleentheid in die moderne sektor van die ekonomie gehad het, het slegs 17% 'n sodanige werkgeleentheid in 1996 gehad en het dit sedertdien tot slegs 14% gedaal! Aan die einde van die apartheidse periode was Afrikaanarmoede reeds 'n baie ernstige probleem. Dit is deels deur die arbeidsonderdrukkende en diskriminerende maatreëls, deels deur die "struggle" en werkloosheid en deels deur die skerp toename van die Afrikaanbevolking ná 1970 veroorsaak (HISA, 2002: 372-399).

4. ARMOEDE IN DIE DEMOKRATIESE TYDPERK SEDERT 1994

Die tien jaar wat verloop het sedert die aanvang van die demokratiese tydperk, was 'n redelike voorspoedige tydperk. Die reële BNP het met gemiddeld 2,7% per jaar gestyg en die reële per capita-inkome het met 0,67% per jaar gestyg. Dit was hoofsaaklik die boonste 50% van die bevolking wat by hierdie styging in die per capita-inkome gebaat het want die inkomste van die onderste helfte het marginaal gedaal. Die per capita inkomste van die boonste helfte – en veral die boonste een-derde – het dus setert 1994 met minstens 1% per jaar gestyg. Behalwe sowat 10 miljoen van die blankes het die swartmiddelklas – wat tans ±11 miljoen is – aansienlik ryker geword oor die afgelope 10 jaar. Die bekende geneigdheid van 'n vryemarkekonomie dat die rykse in 'n groeiende ekonomie ryker en die arme armer word, is gedurende die afgelope 10 jaar in Suid-Afrika bewaarheid. (Sien afdeling 1 hierbo). Gevolglik het die verdeling van inkomste ongelyker geword. Iets waaroor daar geen twyfel bestaan nie, is dat die verdeling van inkomste in die Afrikaangeledere baie ongelyker geword het. Hiermee is 'n tendens wat reeds in 1970 'n aanvang geneem het, verder voortgesit. Die verdeling van inkomste in Afrikaangeledere is tans onrusbarend ongelyk. Terwyl die boonste kwart baie ryker geword het oor die afgelope 30 jaar, het die armste 50% baie armer geword.³⁰ (Sien Tabel 1).

Met die oorgang na die demokratiese bedeling in 1994, was die armoede probleem in Suid-Afrika reeds 'n baie ernstige een. Hierdie probleem het oor die afgelope 10 jaar ernstiger geword. Die redes daarvoor is tweërly. Eerstens, is die arme aan verskeie

³⁰ 'n Faktor wat oor die afgelope 10 jaar 'n belangrike rol gespeel het om die blankes in hulle relatief bevorregte posisie te handhaaf, is hulle besit van eiendom. In 2002 het 37,3% van huishoudings se bestebare inkomste uit die besit van eiendom ontstaan (SAHDR, 2003: 72 - 73). Eiendom is nog hoofsaaklik in die hande van blankes en blank beheerde korporasies. In teenstelling hiermee besit die armste helfde van die swartes bykans geen eiendom nie.

armoedestrikke blootgestel waardeur hulle armoede nie alleen voortgeplant word nie, maar ook vererger is. Tweedens, bestee die ANC-regering heelwat groter bedrae op maatskaplike dienste (en word 'n groter persentasie daarvan na swartmense gekanaliseer), maar hierdie groter bestedings was nie groot genoeg om die pauperiseringseffek van die armoedestrikke na wense teen te werk nie. Anders geformuleer, armoede in Suid-Afrika was in 1994 reeds soos 'n sneeubal wat in eie momentum teen 'n helling afgerol. Alhoewel die ANC-regering groter bedrae op maatskaplike dienste en armoede-verligting bestee, is dit nie genoeg om die sneeubal in sy dinamiese gang te stuit nie. Dit is beslis nie genoeg om die sneeubal terug te rol nie.

Ons sou ten minste vier armoedestrikke kan onderskei. Die eerste hiervan is die volgehoue toename in werkloosheid. In 1995 kon sowat 4,2 miljoen van die potensiële arbeidsmag (volgens die wye definisie daarvan) nie indiensneming in die formele en informele sektor van die ekonomie kry nie. Dit word beraam dat meer as 8 miljoen van die potensiële arbeidsmag tans werkloos is. (Sien Tabel 2). Die feit dat 'n groeiende getal huishoudings werkloses as hoofde het, is 'n belangrike oorsaak van die groeiende armoede in armoede-geledere oor die afgelope 10 jaar. Die aanvaarding deur die ANC-regering van 'n neo-liberale ideologie, van die idee dat die Suid-Afrikaanse ekonomie as 'n vryemarkstelsel beskou kan word (en ook so beskou behoort te word) en die oorhaastige hertoetrede tot globale kapitalisme, het oor die afgelope 10 jaar die neigings na groter kapitaal-intensiteit en na 'n *oop, Eerste Wêreld kapitalistiese enklave* sterk gestimuleer. In 1994 was minstens 40% van die bevolking gemarginaliseer van die moderne sektor van die ekonomie. Ná 10 jaar is selfs 'n groter persentasie in 'n selfs groter mate gemarginaliseer van die moderne sektor. Werkloosheid het oor die afgelope 10 jaar toegeneem en dit gaan gedurende die volgende 10 jaar verder toeneem.³¹ Aangesien dit onwaarskynlik is dat nuwe werksgeleenthede teen 'n tempo geskep sal kan word wat – gegewe die toename in die bevolking – groot genoeg sal wees om armoede betekenisvol te verminder, sal die owerheid se maatskaplike besteding en armoedeeverligtingsprogramme aansienlik uitgebrei en verbeter moet word.

³¹ Die ANC-regering stel in sy verkiesingsmanifes vir die 2004-verkiesing in die vooruitsig dat werkloosheid oor die volgende 10 jaar gehalveer gaan word. Om dit te midde van die sterk neiging na 'n *oop, Eerste Wêreld kapitalistiese enklave* te behaal, is haas onmoontlik. Vanweë die groeiende bevolking sal die potensiële arbeidsmag in 2014 na 23 miljoen gegroei het. Om werkloosheid van die huidige 42% van die potensiële arbeidsmag na 21% oor 10 jaar te verminder, sal vereis dat sowat 5 miljoen addisionele werksgeleenthede in die moderne sektor en 1,6 miljoen addisionele werksgeleenthede in die informele sektor geskep sal moet word. Dit is eenvoudig nie haalbaar nie. (Sien Tabel 2).

TABEL 1 Indiensneming in die formele en informele sektore				Situasie indien werkloosheid in 2014 gehalveer word tot 21%
	1970 miljoen (%)	1995 miljoen (%)	2003 miljoen (%)	
Potensiële arbeidsaanbod	± 9 miljoen	± 14 miljoen	± 20 miljoen	± 23 miljoen
Indiensneming in die formele sektor	6,5 miljoen (72%)	8,1 miljoen (50%)	8,4 miljoen (42%)	1,4 miljoen (58%)
Indiensneming in die informele sektor	0,7 miljoen (8%)	1,7 miljoen (12%)	3,2 miljoen (16%)	4,8 miljoen (21%)
Werkloosheid (wye definisie)	1,8 miljoen (20%)	4,2 miljoen (30%)	8,4 miljoen (42%)	4,8 miljoen (21%)
	—	Addisionele werkgeleenthede geskep vanaf 1970 tot 1995: 2,6 miljoen	Addisionele werkgeleenthede geskep vanaf 1995 tot 2005: 1,8 miljoen	Addisionele werkgeleenthede wat van 2003 tot 2014 geskep sal moet word: 6,6 miljoen

Bron: Saamgestel uit Bhorat & Hodge, 1999 en Gelb, 2003 en SAHDR, (2003) Tabel 7.1

‘n Tweede armoedestrik – wat nou aansluit by die eerste een – is dat die politiek-ekonomiese stelsel wat in 1994 geïnstitusioneer is en die nuwe magstrukture en ideologiese orientasie waarop dit berus, steeds nie *doelmatig* funksioneer in belang van die *totale* bevolking nie. Alhoewel die moderne sektor van die ekonomie baie modern en gesofistikeerd is en alhoewel die politieke stelsel demokraties is, dien die nuwe politiek-ekonomiese stelsel nie *alle* groepe in die bevolking nie en ontvang die armes nie die hulp en ondersteuning wat hulle dringend benodig nie.

Dit is uit ‘n armoede-oogpunt insiggewend om die gesamentlike politiek-ekonomiese stelsel van 1970 te vergelyk met die huidige politiek-ekonomiese stelsel. Die politiek-ekonomiese stelsel van 1970 was ‘n politieke stelsel van blanke politieke oorheersing en ‘n ekonomiese stelsel van rasse en koloniale kapitalisme. Dit was ‘n hoogsondoelmatige stelsel omdat dit ‘n groot deel van die swartbevolking (meer as 80% van die totaal) aan diskriminerende en onderdrukkende maatreëls onderwerp het wat hierdie deel van die bevolking sistemies arm gehou en selfs verder verarm het. Die politieke faset van die huidige politiek-ekonomiese stelsel is ‘n stelsel van swart middelklas demokrasie wat

hoofsaaklik deur die boonste 25% van die swartes (met 'n rykdomskultus en 'n neoliberale lewenshouding) beheer word. Die ekonomiese faset van die huidige politiek-ekonomiese stelsel is 'n oop, Eerste Wêreld kapitalistiese enklave wat neoliberaal, en globaal georienteer is. Dit is uiters kapitaalintensief en dit distansieer sigself van ongeskoolde Afrikaanarbeid.

Die huidige politieke-ekonomiese stelsel is inderdaad baie meer doelmatig as die gesamentlike stelsel van 1970. Maar ons het nogtans rede om bekommerd te wees oor die *ondoelmanigheid* wat steeds inherent aan die huidige politiek-ekonomiese stelsel is. Anders as die gesamentlike stelsel van 1970, is die huidige stelsel nie vir sistemiese uitbuiting van die swartes verantwoordelik nie. Ongelukkig word die armste deel van die bevolking (ongeveer 22 miljoen) deur sowel die politieke as die ekonomiese fasette van die gesamentlike stelsel sistemies *uitgesluit* en sistemies *verwaarloos*.

Die politieke faset van die nuwe stelsel – wat deur die swartmiddelklas beheer word – verwaarloos die armes en bevordeel die swartmiddelklas uitermate met behulp van die omvattende swartbemagtigings- en regstellende programme. Vanweë hierdie maatreëls is die bronne en geleenthede wat oor die afgelope 10 jaar van die blankes na die boonste 11 miljoen swartes "oorgeplaas" is, heelwat groter as die oordrag van bronne en geleenthede na die 22 miljoen wat in armoede leef. Die ekonomiese faset van die nuwe stelsel verwaarloos en marginaliseer die armes ook sistemies as gevolg van sy sterk geneigdheid tot groter kapitaalintensiteit en sy neiging na kapitalistiese enklaviteit. Die verarmde en werklose gedeeltes van die bevolking bevind hulle as't ware in 'n bevrore posisie van strukturele armoede. Die feit dat regstellende optrede en swartbemagtiging so toegepas word dat blankes daardeur verarm word, kan seker goedgepraat word. Maar die feit dat hierdie maatreëls die swart-middelklas verryk ten koste van 'n verdere verarming van die swart-onderlaag, is ongeoorloof.

'n Derde armoedestrik is die groot persentasie van die bevolking wat steeds vasgevang is in 'n toestand van chroniese gemeenskapsarmoede. Aangesien 15 miljoen reeds vir geslagte in armoede leef, het 'n armoede mentaliteit by hulle ingeburger geraak. Hierdie mentaliteit – en die afwykende gedragspatrone wat daar mee gepaardgaan – word spontaan van een geslag na die volgende oorgedra. Verskeie faktore is daarvoor verantwoordelik dat die armoede mentaliteit verskans word. Die belangrikste hiervan is die fisiese, morele en psigologiese verwaarlosing – en selfs mishandeling – van armoede-

kinders in hulle voor-skoolse jare, van vroue en veral van enkel moeders. Die sosiale milieu van sosiale ontwrigting, dronkenskap, geweld, misdadiciteit en ongesonde lewenspatrone is beslis nie bevorderlik vir die kultivering van goeie en konstruktiewe gedragspatrone by diegene wat in die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede gebore word en daarin grootword nie. Die feit dat die armste 15 miljoen mense hoofsaaklik ongeorganiseerd is en nie oor die nodige burgerlike organisasies beskik nie, beteken dat hulle oor weinig bedingingsmag beskik en daarom maklik vanaf owerheidsweë verwaarloos kan word – en inderdaad ook verwaarloos word.

‘n Vierde armoedestrik is die selfversterkende wisselwerking tussen misdaad, geweld en aansteeklike siektes enersyds en volgehoue verarming, andersyds. Aan die eenkant is die armes meer geneig tot geweld en misdaad en meer vatbaar vir aansteeklike siektes. Aan die ander kant beskik die armes (en veral arm kinders en vrouens) nie oor die vermoë – in die vorm van versekering, opgehoopte bates, geskooldheid ens. – om hulself teen die ontwrigtende en verarmde effek van geweld, misdaad en aansteeklike siektes te verskans nie. Oor die afgelope 10 jaar het die VIGS-pandemie – waaraan sowat 11% van die totale bevolking blootgestel is – op ‘n onberekenbare wyse die armoede van ‘n groot deel van die armes nog verder vererger.


‘n Vyfde armoedestrik is die ongeskooldheid van ‘n groot deel van die bevolking wat – huis vanweë hulle ongeskooldheid – nie werksgeleenthede kan bekom nie en selfs onindiensteembaar is. Statistiek Suid-Afrika (Sensus 2001) rapporteer dat een-derde van Suid-Afrikaners mans ouer as 20 jaar nie primêre skool voltooi het nie of geen skoling gehad het nie. Die meeste van hulle moet as ongeletterd geklassifiseer word.

Die maatskaplike bestedings is weliswaar oor die afgelope 10 jaar deur die ANC-regering redelik skerp verhoog. Dit het van 51% van die nie-rente bestedings van die owerheid na 58,3% in die begroting van 2004/5 gestyg.³² Oor die afgelope 10 jaar is meer as 9 miljoen mense van skoon water voorsien, 4 miljoen elektrisiteitaansluitings is aangebring en 1,6 miljoen nuwe huis is gebou en sanitasie is aan 6,4 miljoen mense verskaf.. Hierdie dienste het beslis die sg. “sosiale loon” van ‘n deel van die armes verhoog. Dit is egter

³² Die owerheid gaan in die 2004/5 boekjaar R76 miljard op onderwys, R60 miljard op maatskaplike sekuriteit en welsyn bestee, R42,6 miljard op gesondheid en R18 miljard op behuising en gemeenskapsontwikkeling. (Begroting 2004).

onwaarskynlik dat die groter “sosiale loon” (insluitend sosiale sekuriteit) die pauperiseringseffek van die bogenoemde vyf armoedestrikke volledig kon teenwerk.³³

SKEMA 1



Die Taylor komitee³⁴ het bevind dat die sosiale sekuriteit stelsel ontoereikend en nie omvattend genoeg is nie.³⁵ Ten spyte van die addisionele maatskaplike dienste wat die ANC-regering aan swartes verskaf, bestaan daar nog ‘n baie groot persentasie van die

³³ Dit moet ook in verrekening gebring word dat baie van die water- en elektrisiteitaansluitings weer afgesny is, omdat die bevoordeeldes nie oor die kontantvloeい beskik om dit in stand te hou nie.

³⁴ Die Taylor komitee – onder voorsitterskap van Prof. Vivian Taylor – is aangestel om ondersoek in te stel na ‘n omvattende sosiale sekuriteitstelsel. (*Committee of Inquiry into a Comprehensive system of Social Security for South Africa, 2002*).

³⁵ Die komitee beweer dat die stelsel gemoduleer is op die Europese model wat op die fundamentele aanname berus dat daar ‘n hoë peil van formele indiensname bestaan – iets wat natuurlik nie in die ontwikkelende wêreld bestaan nie en beslis nie in Suid-Afrika nie. Boonop worstel die owerheid vanweë ‘n gebrek aan burokratiese kapasiteit – op al drie vlakke van regering – om maatskaplike diense op ‘n doeltreffende wyse te verskaf en veral aan diegene wat die grootste behoefté daarvan het. Dit word beraam dat sowat 10 miljoen mense wat vir sosiale sekuriteitstoelaes kwalifiseer, dit nog nie ontvang nie. Die swak dienslewering is nie bloot die resultaat van growwe burokratiese ondoeltreffendheid nie, maar ook vanweë ‘n gebrek aan koördinering tussen staatsdepartemente en die afwesigheid van ‘n effektiewe stelsel van evaluasie en monitering van die bestaande programme. (Sien Hunter, et.al., 2003: 21 & 40).

bevolking wat nie toegang tot maatskaplike dienste het nie. Die welsyn en die menslike ontwikkeling van 'n gemeenskap hang af van die mate waartoe al sy lede toegang het tot basiese dienste soos gesondheid, energie, sanitasie, opvoeding, kommunikasie, behuising en skoon drinkwater. Volgens die SAHDR (2003) is 37,7% van Suid-Afrika se 11,2 miljoen huishoudings (of ± 18 miljoen mense) steeds ontneem van "goeie" toegang tot 4 tot 6 van die sewe basiese dienste hierbo vermeld. (p88).

5. DIE RASSE EN KLASSE PROFIEL VAN ARMOEDE IN SUID-AFRIKA IN 1970 EN IN 2004

Die profiel van armoede het oor die afgelope 30 jaar belangrike veranderinge ondergaan. In 1970 was Suid-Afrika 'n diepverdeelde rassegemeenskap.³⁶ In skerp teenstelling met 1970 is Suid-Afrika vandag 'n skerp verdeelde klassegemeenskap – alhoewel dit nog nie volledig ontdooi is van sy eertydse rasse-stratifikasie nie. Die Suid-Afrikaanse samelewning kan vandag rofweg in drie klasse van 15 miljoen verdeel word. Die boonste klas is 'n ryk middelklas (of bourgeoisie) waarvan ±4 miljoen blank en sowat 11 miljoen swart is. Hulle ontvang ±85% van totale inkome.³⁷ (Sien Skema 1)

Die middelste 15 miljoen is 'n werkende laerklas. Sowat 380 000 van hierdie klas is blankes (en hoofsaaklik Afrikaners) terwyl die res swart is. Hierdie klas ontvang ±10% van totale inkome. Die boonste helfte van die werkende laerstand se sosio-ekonomiese posisie is bevredigend, maar die onderste helfte moet ook as arm geklassifiseer word (sien Tabel 1). Die hoofde van huishoudings in die werkende laerklas het toegang tot werksgeleenthede hoewel 'n groot deel van hierdie werksgeleenthede in die informele sektor is.

Die onderste klas is 'n tipiese nie-werkende "onderklas" ('n *underclass* of *lumpenproletariaat*). Hiervan is sowat 70 000 (of 0,4%) blank, 0,7% Asiate, 4,2% Kleurlinge en 94,7% Afrikane. Hierdie klas ontvang minder as 5% van totale inkomste.

³⁶ Die blankes wat 18% van die bevolking uitgemaak het, het 71% van die totale inkome ontvang, die Kleurlinge en Asiërs het 12% van die bevolking uitgemaak en het 10% van die inkome ontvang, terwyl die Afrikane 68% van die bevolking was, maar slegs 19% van die inkome ontvang. Tans is die blankes 10% van die bevolking en ontvang hulle sowat 47% van totale inkome, die Kleurlinge en Asiërs is 10% van die bevolking en ontvang sowat 13% van die inkome, terwyl die Afrikane byna 80% van die bevolking is en sowat 40% van die inkome ontvang.

³⁷ Die opkoms van 'n swart middelklas van 11 miljoen mense oor die afgelope 30 jaar (maar veral oor die afgelope 10 jaar) is 'n uitsonderlike prestasie. Maar die feit dat die swart middelklas (en veral die swart elite van 3 of 4 miljoen mense) soveel ekonomiese vordering oor die afgelope 30 jaar – en veral oor die afgelope 10 jaar – gemaak het, gedurende dieselfde tydperk wat die onderste 40% van die swartes verarm het, is 'n bron van groot kommer.

Hierdie 15 miljoen mense moet as sorgwekkend arm geklassifiseer word. Hulle beskik nie oor genoeg bronne om 'n beskaafde en humane bestaan te voer nie. Die hoofde van huishoudings in hierdie klas het oor die algemeen nie toegang tot werkgeleenthede nie.

In Suid-Afrika se diep-verdeelde klassegemeenskap leef een-derde in die helder sonskyn van die dag, een-derde leef in die skemering van die aand (in verskillende graderings van skemering), terwyl 'n verdere een-derde in die donkerte en in die koue van 'n skynbaar nimmereindigende winternag leef. Die inkomste van die boonste een-derde is minstens 17 keer (maar moontlik 20 keer) groter as dié van die onderste een-derde. Dit is 'n abnormale, 'n ongesonde en selfs 'n gevaarlike stand van sake. Dit is soveel te meer die geval indien ons rekening hou met die omstandighede (insluitend ongelyke magpatrone) wat oor die afgelope 130 jaar vir die verarming van die armste sê 22 miljoen mense verantwoordlik was en ook met die omstandighede wat oor die afgelope 30 jaar – én oor die afgelope 10 jaar – tot 'n verdere verarming van die onderste 15 miljoen en tot 'n vinnige verryking van 'n deel van die boonste 15 miljoen verantwoordelik was. Indien die ekonomiese en regstellende maatreëls van die afgelope 10 jaar onveranderd gehandhaaf sou word en indien die huidige politiek-ekonomiese stelsel - en die magpatrone en ideologiese orientasie waarop dit berus - ook onveranderd sou bly voortbestaan, het ons rede om te vrees dat die relatief ryk en veelrassige bourgeoisie nog ryker en die arm en swart *underclass* nog armer gaan word! Dit is 'n onrusbarende stand van sake.

BRONNELYS

- Barker, F. 1999. *The South African labour market, a critical issue for renaissance*. Pretoria: J L van Schaik.
- Bhorat, H; and Hodge, J. 1999. Decomposing shifts in labour demand in South Africa. *The South African Journal of Economics*, 67 (3).
- Buro vir Marknavorsing, UNISA, 2004, *Definition of the Minimum and supplement living levels*, Pretoria.
- Cameron, T. (red). 1986, *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, Human & Rousseau, Kaapstad.
- Cameron, T.(ed). 1986. *An illustrated history of South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
- De Villiers, A P. 1996. *Effektiwiteit van Suid-Afrika se onderwysstelsel: 'n ekonomiese analise*. Unpublished PhD thesis, University of Stellenbosch.
- Elphick, R; and Giliomee, H (eds). 1989. *The shaping of South African Society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

- Elphick, R; and Malherbe, V C. 1989. The Khoisan to 1828. In Elphick and Giliomee (eds), *The Shaping of South African Society 1652 - 1840*.
- Gelb, S, 2003, *Inequality in South Africa: Nature Causes and Reponses*, The EDGE Institute.
- Grosskopf, J F W. 1932. *The poor white problem in South Africa*. Report of the Carnegie Commission. Part I. Economic report: Rural impoverishment and rural exodus. Stellenbosch: Pro Ecclesia.
- HISA, 2002: See Terreblanche.
- Hunter, N, May, Jand Padayachee, V., 2003, *Lessons for PRSP from Poverty Reduction Strategies in South Africa*, Economic Commission for Africa.
- Inskeep, R.R., 1978, *The People of Southern Africa*, Kaapstad.
- Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep (Theron Kommissie), Theron Kommissie.
- Le Cordeur, B. 1986. The occupation of the Cape, 1795 - 1854. In Cameron (ed), *An illustrated history of South Africa*.
- Lipton, M. 1986. *Capitalism and apartheid: South Africa, 1910 - 1986*. Cape Town: David Philip.
- Newton King, S, 1986, in Cameron, Human & Rousseau, Kaapstad.
- Pakenham, T. 1986. The Anglo-Boer War, 1899 - 1902. In Cameron (ed), *An illustrated history of South Africa*.
- Posel, D.1991. *The making of apartheid, 1948 - 1961*. Oxford: Clarendon Press.
- Sadie, J L. 1991. *The South African labour force, 1960 - 2005*. Navorsingsverslag 178, Buro van Marknavorsing, Pretoria: UNISA.
- SAHDR, 2003, *South African Human Development Report*, 2003, Oxford.
- Shalins, M, 1972, *Stone Age Economics*, New York. ~~Foxstock Chicago~~
- South African Reserve Bank, 2002, S-131, September.
- Statistics South Africa. 2002. Earnings and spending in South Africa: selected findings and comparisons from the income and expenditure surveys of October 1995 and October 2000. Pretoria.
- Taylor Committee, *Committee of Inquiry into a Comprehensive Social Security System*, 2002.
- Terreblanche, S J.1977. *Chroniese gemeenskapsarmoede*. Kaapstad: Tafelberg .
- Terreblanche, S.J, 2002, *History of the Inequality in South Africa: 1652 - 2002*, University of Natal Press, Durban.
- Theron Commission. 1976. *The Commission of Inquiry into Matters Concerning the Coloured Population Group*, RP 38/1976. Pretoria.
- Thompson, L.1990. *A history of South Africa*. London: Yale University Press.
- Van der Berg, S; and Bhorat, H. 1999. *The present as a legacy of the past: the labour market, inequality and poverty in South Africa*. Development Policy Research Unit, University of Cape Town.
- Whiteford, A and McGrath, M.1994. *The distribution of income in South Africa*. Pretoria: HSRC Publishers.

Aldine - Atherton

- Whiteford, A and Van Seventer, D E. 1999. *Winners and losers: South Africa's changing income distribution in the 1990s*. Menlo Park: WEFA Southern Africa.
- World Bank. 1996. World Development Report. Washington.
- 1997. World Development Report. Washington.
- 2000a. *Attacking poverty, opportunity, empowerment and security*. Washington.
- 2000b. *Selected world development indicators*. Washington.